(c) Aanvullende studie

Studente wat aanvullende studie benodig kan die volgende modules voltooi, naamlik
GAD504 Grondadministrasie

GAD604	Grondadministrasie
VMB614	Verstedeliking
BOB614	Beskawingsontwikkeling
KIB614	Inleiding tot Kreatiewe Innovasie
TVB614	Inleiding tot Toekomskunde

Reg. D33 - Oorgangsregulasies

Alle studente wat voor 2005 registreer het sal die program soos uiteengesit in vorige jaarboek volg. Indien 'n student BRT614 en ATS624 aangebied het, sal vrystelling verleen word vir ATS608. Indien 'n student BSP602 en GSP622, BCP602 en GCP622 aangebied het, sal vrystelling verleen word vir GSP604 en GCP604.

Reg. D34 - Slaagvereistes

Benewens die vereistes soos gestel in die algemene regulasies geld ook die volgende:

Eksaminering

- (i) Vir al die modules word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgraadse modules, uit 'n jaar-/semestersyfer en 'n eksamensyfer bereken.
- (ii) Vir alle modules aangebied deur die Departement Stads- en Streekbeplanning sal die finale eksamen mondeling afgeneem word en geen tweede eksamengeleentheid sal aangebied word nie, behalwe waar die Departementshoof anders besluit.
- (iii) Vir verpligte-leer modules soos BRT614/ATS624 en BMK612/BNA622 wat gekoppel is, is dit 'n vereiste dat eerste semestermodules, byvoorbeeld BRT614 en BMK612 geslaag word voor die tweede semestermodule geneem mag word.
- (iv) Vir keuse-leer modules kan, soos deur die Hoof van die Departement bepaal, 'n student promoveer met 'n 65% semestersyfer en dus vrygestel word van eksamen in daardie modules.
- (v) Die graad word toegeken aan 'n student wat 'n minimum van 144 krediete in die program behaal.
- (vi) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat in BRT614, ATS624, BSP612, BCP612, GSP622, GCP612, BTR604 'n gemiddeld van 75% behaal het in die minimum voorgeskrewe studiejaar.

BACCALAUREUS IN GROND- EN EIENDOMSONTWIKKELINGSBESTUUR
(BEHUISING) HONNEURS
Studiekode 4544

B.G.E.B. (BEH.) HONS.

INLIGTING

Die doel van hierdie program, as deel van die breë grond- en eiendomsontwikkelingsbestuursprogram, is om studente toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en waardes ten einde 'n betekenisvolle bydrae tot die verbetering van behuising in Suid- Afrika te maak. Alhoewel veel reeds bereik is, moet baie meer nog gedoen word om deur die bestuur van nedersettings die lewens van die bevolking te verbeter.

Die afgestudeerde student sal kennis dra van die metodologie van behuisingsnavorsing om toepaslike navorsing te doen, en onder toesig, te help met die voorsiening van professionele dienste in behuisingsadministrasie, fasilitering en behuisingsbestuur binne die behuising en menslike nedersetting omgewing.

REGULASIES

Reg. D35 - Toelatingsvereistes

- (a) Die kwalifikasie erken formele en nie-formele vorige leer (eksperimentele leer word ook ingesluit) op NKR vlak 6 (360 krediete). In lyn met die voorskrifte van die algemene regulasies, moet studente wat wil registreer vir die Baccalaureus in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising) Honneurs bewys lewer dat hulle 'n graad op NKR vlak 6 (360 krediete) of een van die volgende kwalifikasies verwerf het:
- (i) 'n Baccalaureusgraad in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur.
 - (ii) 'n Baccalaureusgraad in handel, administrasie of regte.
 - (iii) 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur, Siviele Ingenieurswese, Landmeetkunde, Bourekening, Konstruksiebestuur, Stads- en Streekbeplanning of Ontwikkelingstudies, of Eiendomswaardering.
 - (iv) 'n Graadprogram met onder andere een van die volgende hoofmodules: Landbou ekonomie, Antropologie, Verbruikerswetenskap, Huishoudkunde, Plantkunde, Bosbou, Ekonomie, Geologie, Geografie, Landbou-ekonomie, Omgewingswetenskappe, Ondernemingsbestuur, Plantkunde, Publieke Administrasie, Rekenaarinligtingstelsels, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek, Toegepaste Wiskundige wetenskappe en Verpleegkunde.
- (b) Waar 'n student nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan in oorleg met die Departementshoof in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word, met die finale beslissing by die Uitvoerende Komitee van die Senaat. Aanvullende studie soos deur die Departementshoof bepaal, mag vereis word of dit kan verwag word dat 'n student 'n ekstra jaar neem om die program te voltooi.
- (c) 'n Persoon in besit van een van bogenoemde kwalifikasies word nie outomaties tot die program toegelaat nie. Keuring vind plaas en die Departementshoof mag 'n skriftelike motivering of persoonlike onderhoud aanvra.
- (d) Taalvaardigheid in die taalmedium waarin 'n student die program wil aanbied (Afrikaans of Engels) sal getoets word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementshoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n taalvaardigheidsmodule (soos ENG104) op eie koste geneem en geslaag word.

Reg. D36 - Duur, organisasie en uitkoms van die program

'n Minimum studietydperk van een jaar word vereis om die Baccalaureus in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising) Honneurs te behaal. Die Departementshoof bepaal hoe die modules oor die studiejare versprei moet word en mag die modules oor 'n ekstra jaar versprei indien 'n student in enige van die programme (Voltyds, Deeltyds en Kompakleer) nie die nodige akademiese onderbou het nie.

Die Baccalaureus in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising) Honneurs kan ook deur middel van blokmodules (kompakleer) aangebied word. Kompakleer studente moet vier werksessie-eweke per jaar gedurende die studiejare van die program gedurende tye soos deur die Departementshoof bepaal, by die Departement bywoon. Gedurende die werksessies sal lesings, tutoriale, praktika en besprekings plaasvind. Opdragte sal uitgewerk word en toetse of eksamens afgelê word.

Ná voltooiing van die Baccalaureus in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising) Honneurs sal die afgestudeerdes oor die volgende vaardighede beskik:

- Die gekwalifiseerde student sal bewys lewer van 'n grondige kennis toepaslik op die dissipline asook kritiese analitiese denke om bestaande kennis van behuising binne menslike nedersettings te waardeer, na te vors, te interpreteer, te verfyn en te verander.
- Die gekwalifiseerde student sal bewys lewer van kennis van navorsingsmetodes en navorsingsvaardighede toepaslik binne die spesifieke konteks en die vermoë om behuising binne menslike nedersettings te integreer met navorsing in argitektuur en ontwerp.
- Die gekwalifiseerde student het ondervinding van groepwerk met eweknieë.

Reg. D37 - Kurrikulum

Die vakkeuse van die student sal in oorleg met die Departementshoof gedoen word ten einde tekortkominge in die student se agtergrondstudie en ondervinding aan te vul. Die totale kredietwaarde van die kwalifikasie is 128 krediete wat as volg aangebied sal word:

Fundamentele Leer (24 krediete)

Kode	Beskrywing	Krediete
BMK602	Metodologie en Navorsing	8
HSI604	Inleiding tot behuising en menslike nedersettings: 'n teoretiese perspektief	16

Basiese Leer (64 krediete)

Kies vier modules (4 x 16 krediet) vanuit die hoofmodules:

Kode	Beskrywing	Krediete
BEH604	Stads- en streekbeplanningbeginsels van behuising	16
HAL604	Administrasie van behuising (wetgewing)	16
GBE604	Stedelike geografie van behuising binne menslike nedersettings	16
END604	Eiendoms ekonomie binne eiendomsontwikkeling van behuising	16
DES604	Ontwikkelingstudies	16
TRB604	Projekbestuur	16

Elektiewe Leer (40 krediete) wanneer aangebied

Kode	Beskrywing	Krediete
PHC602	Beginsels van behuisingskonstruksie en -ekonomie	8
ENW602	Evaluering en eiendomsbestuur	8
FHM602	Fasilitering en behuisingsbestuur	8
BGO602	Volhoubare behuising en menslike nedersettings in droë landelike gebiede	8
AHS602	Antropologie van menslike nedersettings	8
SOB602	Sosiologie en behuising	8
CSB604	Capita Selecta	16
RSP602	Skryf van navorsingsverslae	8

TOTAAL: 128 Krediete

Reg. D38 - Slaagvereistes

- Vir al die modules word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgraadse modules, uit 'n jaar-/semestersyfer en 'n eksamensyfer bereken.
- Vir alle modules aangebied deur die Departement Stads- en Streekbeplanning sal die finale eksamen mondeling afgeneem word en geen tweede eksamengeleentheid sal aangebied word nie, behalwe waar die Departementshoof anders besluit.
- Vir keuse-leer modules kan, soos deur die Hoof van die Departement bepaal, 'n student promoveer met 'n 65% semestersyfer en dus vrygestel word van eksamen in daardie modules.

- (iv) Die graad word toegeken aan 'n student wat 'n minimum van 128 krediete in die program behaal.
- (iv) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat in HSI 614, BEH 614/ 624, HAL 614/ 624, GBE 614/ 624, END 604, DES 614/ 624 en TRB 604 'n gemiddeld van 75% behaal het in die minimum voorgeskrewe studiejare.

Magistergrade ARGITEKTUUR

MAGISTER ARCHITECTURAE
Studiekode 4710

M.ARCH.

Reg. D42 - Toelatingsvereistes

Benewens die algemene regulasies geld die volgende:

- (a) Kandidate moet beskik oor OF die gevorderde nagraadse professionele kwalifikasie, B.Arch. of die ekwivalente daarvan; OF die B.Arch.Stud. Hons. of die ekwivalente daarvan:
 - (i) Kandidate wat beskik oor die B.Arch moet bewys lewer dat 'n skripsie deel van die vereistes vir die toekenning daarvan was;
 - (ii) Kandidate wat beskik oor die B.Arch.Stud. Hons. moet 'n minimum van 60% in DRIE van die volgende modules (of die ekwivalente daarvan) behaal het: ONW600, BOW608, OGT604 en TAR604;
- (b) Kandidate moet gedurende 'n tydperk van een jaar onder toesig van 'n gekose studieleier/medestudieleier van die Departement Argitektuur werk terwyl hulle gedurende hierdie tydperk as studente vir die graad M.Arch. geregistreer is.

KURRIKULUM

Reg. D43 - Vereiste

Indiening van 'n verhandeling (ARG700).

Vir een jaar doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp, in oorleg met die Departementshoof, ter voorbereiding van 'n verhandeling wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word.

MAGISTER ARCHITECTURAE (PROFESSIONEEL)
Studiekode 4711

M.ARCH.(PROF.)

INLIGTING

Die Magister Architecturae (Professioneel) is 'n gedoseerde magistergraad en word gedoen deur middel van 'n gedoseerde leergang, projekte, en 'n ondersoekende ontwerp-skripsie met 'n gevorderde ontwerpprojek. Die doel met die kwalifikasie is om kandidate op te lei wat as "Kandidaatargitek" by die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argiteksprofessie ingevolge Wet 44 van 2000 kan registreer. ""

Aansoek om toelating tot die Magister Architecturae (Professioneel) [M.Arch.(Prof.)] geld slegs vir kandidate buite die UV, en moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm die Registrateur, Akademiese Studentendienste, UV, Bloemfontein voor of op 31 Mei van die jaar voor die beoogde toelating bereik.

Keuring by wyse van 'n onderhoud met voorlegging van 'n portefeulje sal plaasvind en voornemende kandidate sal op die laatste gedurende Desember in kennis gestel word.

Die minimum studietydperk is een jaar voltyds.

Die Magister Architecturae (Professioneel) [M.Arch.(Prof.)] bied toegang tot die Ph.D.(Argitektuur).

As "Kandidaatargitek" sal die gekwalifiseerde kandidaat daartoe bevoeg wees om met volle professionele dienste in 'n argitekskantoor te assisteer. Dit sluit in onderhandeling met kliënte, navorsing, ontwerp, detailering, dokumentasie, administrasie en toesig van die konstruksie-proses en die voltooiing van enige skaal komplekse geboue-projek in die beboude omgewing.

Kandidate word opgelei om op kreatiewe wyse 'n wye verskeidenheid geboutipes te ontwerp en omgewingsprobleme binne 'n snelveranderende konteks te identifiseer en volhoubaar op te los.

Professionele vereistes

Die B.Arch.Stud. (Hons.) -graad gaan die M.Arch.(Prof.)-graad vooraf. By voltooiing van die graad M.Arch.(Prof.) moet die kandidate onverwyld by die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektuurprofessie as "Kandidaatargitek" registreer. Die tydperk van voorgeskrewe praktiese opleiding ter voorbereiding van registrasie as argitek, sal begin vanaf die datum van registrasie.

Praktiese opleiding word slegs deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektuurprofessie oorweeg, indien dit volg op die voltooiing van die graad B.Arch.Stud.

Die assessering en eksamens vir die grade B.Arch.Stud., B.Arch.Stud. Hons. en M.Arch.(Prof.) word deur die betrokke minister erken kragtens die bepalings van die Wet op die Argitektuurprofessie (Wet 44 van 2000). Die kontrole van opleidingsondervinding na voltooiing van die grade B.Arch.Stud., B.Arch.Stud. Hons. en M.Arch.(Prof.) sal resorteer onder die bepalings van die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektuurprofessie. Die registrateur van hierdie Raad sal inligting hieromtrent verskaf.

REGULASIES

Reg. D39 - Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die algemene regulasies, moet kandidate wat vir die Magister Architecturae (Professioneel) [M.Arch.(Prof.)] wil inskryf, bewys lewer dat:

- (i) Hulle die graad B.Arch.Stud. Hons. aan hierdie Universiteit verwerf het.
- (ii) Hulle by 'n ander Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedingsinstansie die graad B.Arch.Stud. Hons. of ekwivalente kwalifikasie verwerf het, onderhewig aan die goedkeuring van die departementshoof en die dekaan.
 - a. **Sodanige** Kandidate moet **om toelating tot die program vir die graad M.Arch.(Prof.) aansoek doen**, en wel op die voorgeskrewe vorms soos deur die UV administrasie vereis. Sodanige aansoek moet die UV **voor 31 Mei** bereik.
 - b. **Keuring:** nadat sodanige aansoek ontvang is sal met Kandidate gereël word vir 'n **persoonlike onderhoud waartydens 'n amptelike en geverifieerde puntestaat van die institusie waar die voorafgaande graad behaal is, en 'n portefeulje van werk** (ontwerp-rojektele) **voorgelê moet word**. Die datum(s) en tyd vir sodanige onderhoud sal na die ontvangs van die aansoekvorms aan die kandidate deurgegee word, en sal of einde November of begin Desember geskied.
 - c. Die **Portefeulje** moet, **eerstens**, bestaan uit **sketse, tekeninge en ander dokumentasie** van Ontwerp- en Bouegnologie- (Bouwetenskap-) projekte/werkstukke vir die graad ekwivalent aan B.Arch.Stud. Hons. van die kandidaat. **Tweedens**, moet 'n **aanbevelingsbrief van**

die betrokke Departementshoof en Ateljee-voogdosent van die laaste studiejaar waar- in die gehalte van die kandidaat se vermoë geverifieer word ook bygevoeg word. **Derdens, enige werk** (sketse/dokumentasie) gedoen **tydens betrokkenheid by 'n spesifieke argiteksfirma(s)** sal as bonus dien wat tot voordeel vir die kandidaat se aansoek kan wees.

- d. **Die keuringsproses**, as persoonlike onderhoud met voorlegging van al bogemelde, **waarborg geensins (outomatiese) toelating tot die graad M.Arch.(Prof.) nie**. Die finale diskresie of die kandidaat as geskik beskou word om vir die graad toegelaat te word sal by die keuringspaneel berus.

- (iii) UV kandidate wat hulle **studies vir een of meer jare onderbreek** na die verkryging van die B.Arch.Stud. Hons. moet **na die verloop van die een of twee jaar om toelating vir die program van die graad M.Arch.(Prof.) aansoek doen**, en wel op die voorgeskrewe vorms soos deur die UV administrasie vereis. Sodanige aansoek moet die UV **voor 31 Mei** bereik. Kandidate wat **meer as twee jaar weg** was, sal wel die **keuringsproses met voorlegging van portefeulje** soos hierbo onder (ii) b, c, d uiteengesit moet deurgaan.

Nota: Slegs 'n beperkte aantal kandidate word tot hierdie program toegelaat.

Reg. D40 - Program M.Arch.(Prof.), Studiekode 4711 [180 krediete]

		Krediete	Voorvereiste
SKR791	Uitgebreide Skripsie	100	ONW600, BOW608 OGT604, TAR604
BOW708	Bouwetenskap	32	BOW 608, ONW600, OGT604, TAR604
TAR714	Teorie van Argitektuur	16	OGT604, TAR604, ONW600, BOW608
BPK514	Beroepspraktyk	16	-
PAK714	Professionele Argitekspraktyk	16	-

STRUKTUUR van M.Arch.(Prof.) PROGRAM: 136 krediete

HOOF-KOMPONENTE	MODULES			
	Jaar			
	Semester 1		Semester 2	
	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
1. Uitgebreide Skripsie 100 krediete	SKR791 Komponent 1: Navorsingsdokument Komponent 2: Ontwerpdokument en -projek			
2. Bouwetenskap 32krediete	BOW708 (32 kr)			
	Komponent 1: Teoretiese verslag m.b.t. Uitgebreide Skripsie		Komponent 2: Ontwerpontwikkeling en dokumentasie m.b.t. Uitgebreide Skripsie	
3. Omgewings- geskiedenis en Teorie 16 krediete	TAR714 (16 kr) Komponent 1: Algemeen, lesings,seminare - Verslag Komponent 2: Toepaslike navorsing m.b.t. Uitgebreide Skripsie - Verslag			

4. Praktijk 32 krediete	BPK514 (16 kr): Beroepspraktijk PAK714 (16kr): Professionele Argitekspraktijk	
------------------------------------	--	--

Reg. D41 - Assessering en eksaminering

- (i) Vir die modules aangebied deur die Departement Argitektuur en Bourekenkunde/Konstruksiebestuur sal assessering van kandidate se akademiese vordering deurlopend d.m.v. werkstukke, toetse en/of ontwerpake geskied. Vanuit hierdie taakstellings sal 'n jaar/semestersyfer opgestel word en hierdie jaar/semestersyfer sal 'n finale punt geag word die kandidaat se eksamensyfer te wees.
- (ii) Die module BPK514 is onderhewig aan eksterne assessering.
- (iii) Die Magister Architecturae (Professioneel) word met lof toegeken aan 'n kandidaat wat in SKR791 'n onderskeiding (75%) behaal; 'n onderskeiding (75%) elk vir twee van die modules, BOW708, TAR714, BPK514 en PAK714; 'n minimum van 60% elk vir die oorblywende modules, en die graad in die minimum plus een voorgeskrewe studiejare voltooi het.
- (iv) Indien 'n kandidaat se voorgenome program afwyk van Reg. D40, sal die samestelling daarvan in oorleg met die departementshoof bepaal word, met inagneming dat die modules SKR791, BOW708 en TAR714 gelyktydig aangebied moet word tydens die eerste jaar van registrasie.
- (v) Die erkenning van 'n verworwe jaar/semestersyfer sal onderworpe wees aan die bevredigende bywoning van lesings, ateljeeperiodes en seminare.
- (vi) Vir die module SKR791 geld die volgende vereistes:
 - a. 'n Uitgebreide Skripsie sal op 'n voorafbepaalde datum aan die einde van die betrokke akademiese jaar ingedien word. Die tema van die voorgenome Uitgebreide Skripsie moet deur die departementshoof en die betrokke dosent voor 31 Mei van die voorafgaande jaar goedgekeur word alvorens 'n aanvang daarmee gemaak word. Gereelde raadpleging met die departementshoof, studieleier, die aangewese tutor en ander personele moet gedurende die voorbereiding van die Uitgebreide Skripsie plaasvind.
 - b. Slegs 'n Uitgebreide Skripsie wat lei na 'n ontwerpprojek sal aanvaar word. In uitsonderlike gevalle mag die departementshoof spesiale toestemming gee dat 'n Uitgebreide Skripsie met 'n hoofsaaklik teoretiese inhoud aangebied word. Kriteria vir sodanige afwyking sal deur die departementshoof bepaal word.
 - c. 'n Kandidaat wat in deurlopende assessering 'n minimum gemiddelde punt van 45% behaal het, sal toegelaat word om die Uitgebreide Skripsie voor te lê en sal 'n mondelinge eksamen voor interne en eksterne eksaminatore aflê.
- (vii) Vir die module BOW708 geld die volgende vereistes:

Alle kandidate word ten sterkste aanbeveel om die teoretiese en praktiese ondersoeke af te handel onder die leiding van 'n personeel van die Departement Argitektuur. Indien 'n kandidaat sou besluit om die ondersoek onafhanklik te onderneem, moet die toestemming van die Departementshoof verkry word. Verder is dit nodig dat die kandidaat voldoende bewyse voorlê dat die werk in geheel sy/haar eie is.

Magistergrade BOUREKENKUNDE EN KONSTRUKSIEBESTUUR

MAGISTER SCIENTIAE (BOUREKENKUNDE)
Studiekode 4720

M.Sc.(Q.S.)

M.Sc.(Q.S.): 'n Gevorderde akademiese graad gerig op spesialisasie in die bourekenkundige-wetenskap ter voorbereiding van kandidate om as leiers in die professie op te tree en as spesialiste in verskillende velde diens te lewer.

REGULASIE

Reg. D44 - Toelatingsvereistes

(a) Benewens die algemene regulasies geld die volgende:

- (i) Kandidate moes gedurende 'n tydperk van twee jaar wat met die tydperk in (ii) genoem mag saamval, onder toesig van die hoof van die departement gewerk het, terwyl hulle gedurende die tydperk as studente vir die graad M.Sc.(Q.S.) geregistreer was.
- (ii) Kandidate moet gedurende die tydperk vir minstens twee jaar na behaling van 'n goedgekeurde baccalaureusgraad die teorie en praktyk van die bourekenkunde beoefen het.

(b) Kandidate wat die Diploma in Bourekenkunde verwerf het en wat vir die graad M.Sc.(Q.S.) wil inskryf, moet benewens die vereistes gestel in paragraaf (a) hierbo genoem, bewys lewer dat:

- (i) hulle 'n Diploma in Bourekenkunde aan hierdie Universiteit verwerf het;
- (ii) indien hulle by 'n ander Suid-Afrikaanse universiteit die Diploma in Bourekenkunde verwerf het, daardie universiteit hulle sou aanvaar het as kandidate vir die M.Sc.(Q.S.)-graad.

KURRIKULUM

Reg. D45 - Vereiste

Indiening van 'n verhandeling (BOR700).

Vir ten minste twee jaar doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp, in oorleg met die Departementshoof, ter voorbereiding van 'n verhandeling wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word.

MAGISTER SCIENTIAE (KONSTRUKSIEBESTUUR)
Studiekode 4780

M.Sc.(Konstruksiebestuur)

M.Sc.(Konstruksiebestuur): 'n Gevorderde akademiese graad gerig op spesialisasie in die konstruksiewetenskap ter voorbereiding van kandidate om as leiers in die professie op te tree en as spesialiste in verskillende velde diens te lewer.

REGULASIE

Reg. D46 - Toelatingsvereistes

- (a) Benewens die algemene regulasies geld die volgende:
 - (i) Kandidate moes gedurende 'n tydperk van twee jaar wat met die tydperk in (ii) genoem mag saamval, onder toesig van die hoof van die departement gewerk het, terwyl hulle gedurende die tydperk as studente vir die graad M.Sc.(Konstruksiebestuur) geregistreer was.
 - (ii) 'n Kandidate moes gedurende 'n tydperk van minstens twee jaar na behaling van 'n goedgekeurde baccalaureusgraad die teorie en praktyk van die konstruksiebestuur beoefen het.

Reg. D47 - Kurrikulumvereiste

Indien van 'n verhandeling (KOB700).

Vir ten minste twee jaar doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp, in oorleg met die Departementshoof, ter voorbereiding van 'n verhandeling wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word.

MAGISTER IN GROND- EN EIENDOMSONTWIKKELINGSBESTUUR
Studiekode 4797 of 4798

M.G.E.B. (M.PROP.)

REGULASIES

Reg. D48 - Toelatingsvereistes

Benewens die algemene regulasies vir toelating tot Magisterstudies geld die volgende:

- (i) Kandidate moes gedurende 'n tydperk van twee jaar wat met die tydperk in (ii) genoem mag saamval, onder toesig van die hoof van die Departement navorsingwerk gedoen het, terwyl hulle gedurende die tydperk as student vir die graad M.G.E.B. (M.PROP.) geregistreer was.
- (ii) Kandidate moet gedurende die tydperk van minstens twee jaar na behaling van 'n goedgekeurde baccalaureusgraad binne 'n goedgekeurde dissipline, die teorie en praktyk van die eiendoms-wese of van relevante aktiwiteite beoefen het.

Reg. D49 - Kurrikulumvereiste (4797 of 4798)

Die indien van 'n verhandeling / projek (PRO700) studiekode 4797 word vereis of die deurloping van die residensiële of oopleerprogram (kyk elders).

- (a) Vir ten minste twee jaar doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp, in oorleg met die Departementshoof, ter voorbereiding van 'n verhandeling wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word.
- (b) Die graad is ook as residensiële en/of oopleerprogram beskikbaar om deur middel van vraestelle en 'n navorsingsprojek te deurloop.

Reg. D50 - Toelatingsvereistes - Vraestelle en navorsingsprojek

- a) Die tweejarige deeltydse of voltydse program lei tot die verwerwing van die graad Magister in Eiendomswetenskap.
- b) 'n Persoon kan tot voorgenoemde program toegelaat word indien hy/sy in besit is van een van die volgende kwalifikasies:
 - (i) 'n Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning.
 - (ii) 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur, Siviele Ingenieurswese, Landbou, Landmeetkunde, Bourekenkunde, Konstruksiebestuur, Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur.
 - (iii) 'n Goedgekeurde graadprogram met hoofvakke in relevante studierigtings soos: Antropologie, Bosbou, Bedryfseconomie, Rekeningkunde, Ekonomie, Geologie, Regte, Geografie, Landbou-ekonomie, Omgewingswetenskappe, Ondernemingsbestuur, Plantkunde, Publieke Administrasie, Rekenaarinligtingstelsels, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Fisika, Toerisme, Sportbestuur, ens.
- (c) Waar 'n student nie in geheel aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan in oorleg met die Departementshoof in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word.
- (d) 'n Persoon in besit van een van bogenoemde kwalifikasies word nie outomaties tot die program toegelaat nie. Keuring vind plaas en die Departementshoof mag 'n skriftelike motivering of persoonlike onderhoud aanvra.

Hierdie magister graad verleen nie outomatiese toegang tot Ph.D. studies nie, spesiale keuring is derhalwe nodig om met Ph.D. studies voort te gaan.

Reg. D51 - Duur, organisasie en uitkoms van die program

Om die magistergraad in Eiendomswetenskap te verwerf, word 'n minimum studietydperk van twee jaar vereis. Die Departementshoof bepaal hoe die modules oor die studiejare versprei moet word indien afgewyk word van die voorgeskrewe kurrikulum.

Die Magister in Eiendomswetenskap-program kan ook deur middel van oopleer deurloop word. Die program strek oor twee jaar. Alle studente (residensieel en oopleer) moet ten minste vier werksinkels van een week per jaar elk gedurende die twee jaar van die program gedurende tye soos deur die Departementshoof bepaal, by die Departement bywoon. Gedurende die werksinkels sal lesings, tutoriale, praktika en besprekings plaasvind. Opdragte sal ook uitgewerk word en toetse en eksamens afgelê word en assessering gedoen word.

Reg. D52 - Kurrikulum (240 krediete) (Studiekode 4798)

Die samestelling van die student se kurrikulum en keusemodules sal in oorleg met die Departementshoof aan die begin van elke jaar vooruit bepaal word.

Studente moet vir die Magistergraad in Eiendomswetenskap, bo en behalwe die verpligte jaarmodules, modules volgens hul behoefte en agtergrond aanbied.

Let wel dat modules met 'n 9 middelsyfer 'verteenwoordig 'n komponent van 50% onafhanklike navorsing wat binne die veld van daardie module val. Dit bring die navorsingskomponent van die program op 25% te staan. Slegs in die module END792 word 100% van die uitkomst deur die assessering van onafhanklike navorsing gedek.

Eerste studiejaar (120 krediete)**Verpligte modules**

		Krediete	
1.	END704	Eiendomsontwikkeling	16
2.	BOE704	Bouekonomie	16
3.	CCP702	Konstruksiekontrakte, prosedures en verkryging	8
4.	GKD708	Landassessering	32
5.	CIN702	Konstruksie- en Landbou-ingenieurswese	8
6.	BTR704	Inleiding tot Stadsbeplanningsteorie	16
7.	BSP702	Stadsbeplanningspraktyk	8
8.	LEK720	Omgewingseconomie	8
			<u>112</u>

Tweede studiejaar (120 krediete)**Verpligte modules**

1.	END793	Eiendomsontwikkeling	16
2.	ENW793	Eiendomswaardasie en bestuur	16
3.	NLE793	Toegepaste wildplaasbeplanning	16
4.	CIN793	Konstruksie- en Landbou-ingenieurswese	8
5.	END792	Skripsie: Eiendomsontwikkeling	32
6.	ISR702	Inleidende Studies in Streekbeplanning	8
7.	LEK793	Grondwaardering en Besigheidsplanne	8
			<u>104</u>

Keusemodules (studente kies enige 24 krediete indien beskikbaar)

Studente moet uit die volgende keuse modules sodanige krediete vir elke jaar van studie kies om sodoende seker te maak dat vir 120 krediete per jaar registreer word.

8.	PPY702*	Professionele Praktyk*	8
9.	DPR702	Dispuut Resolusie	8
10.	TRB704	Toegepaste Projekbestuur	16
11.	BEH704	Behuising	16
12.	OGG704	Ontwikkelingsbeplanning	16
13.	RBT702	Toerisme en ontwikkeling	8
14.	VVB702	Vervoervoorsiening	8
15.	BGR704	Beplanningsbestuur	16
16.	LSF793	Lewensiklus-koste, Fasiliteit-assessering en -bestuur	8
17.	GSP702	Gevorderde Stadsbeplanningspraktyk	8

* Verpligte module om by die SA Raad van Waardeerders te registreer.

Fokusarea/Spesialiteit: Endossement (Projekbestuur)

Studente wat vir projekbestuur as fokusarea/spesialiteit registreer neem PPY702, DPR702, TRB704 en LSF793 as verpligte modules terwyl GKD708 as keusemodule gekies kan word. BSP702 en LEK793 skuif ook na keusemodules terwyl studente dan enige 32 krediete se keusemodules kies.

a) Oorgangsregulasies**2005 regulasie**

END794
ENW794
NLE794
CIN792
END791
LEK792
LSF792

2006 en 2007 regulasie

END793
ENW793
NLE793
CIN793
END792
LEK793
LSF793

Reg. D53 - Slaagvereistes

Benewens die vereistes soos gestel in die algemene regulasies geld ook die volgende:

Eksaminering

- (i) Vir al die modules, met uitsondering van END792, word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgaande modules vir bourekenkunde en konstruksiebestuur, uit 'n jaar-/semestersyfer bereken.
- (ii) Vir die module END792 word 'n toegepaste navorsingsprojek in 'n eiendomsverwante vakgebied van 'n student se keuse, gebaseer op 'n verpligte module, vereis en sal 'n eksterne eksaminator by die beoordeling, wat mondelinge eksaminering kan insluit, optree. Studente begin reeds in die eerste studiejaar met navorsing maar registreer in die tweede studiejaar daarvoor.
- (iii) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gemiddeld van 75% binne die voorgeskrewe tydperk behaal het.

Erkennings

Studente kan 'n maksimum van 48 krediete vrystelling kry vir vorige leer. Die departement kan op aansoek sodanige vrystelling verleen. Alternatiewelik kan 'n student ander keusemodules wat aangebied is of word aan die departementshoof voorlê ten einde erkennings vir krediete te ontvang tot 'n maksimum van 48 krediete.

Magistergrade STAD EN STREEKSBEPLANNING

MAGISTER IN GROND- EN EIENDOMSONTWIKKELINGSBESTUUR (Behuising) M.G.E.B. (BEH.)
Kursuskode: 4761

Program in Behuising: Residensiële en Kompakleer program.

Die twaalf/agtien maande voltydse/deeltydse program lei tot die verwerwing van die graad Magister in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising).

Reg. D73 - Toelatingsvereistes

- (a) 'n Persoon kan tot voorgenoemde program met spesialisasie in Behuising toegelaat word indien hy/sy in besit is van die volgende kwalifikasies en die nodige akademiese onderbou het:
 - (i) 'n Honneursgraad (B. Hons.R.B. of soortgelyk) met spesialisasie in Behuising
 - (ii) Indien 'n persoon 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Grond- en Eiendomsbestuursontwikkeling met spesialisasie in Behuising behaal het.
- (b) Waar 'n student nie in geheel aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan in oorleg met die Departementshoof in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word met die finale beslissing by die Dekaan of soos bepaal deur die EVL kantoor. Aanvullende studie soos deur die Departementshoof bepaal, mag vereis word of dit kan verwag word dat 'n student 'n ekstra jaar neem om die program te voltooi.

- (c) 'n Persoon in besit van een van bogenoemde kwalifikasies word nie outomaties tot die program toegelaat nie. Keuring vind plaas en die Departementshoof mag 'n skriftelike motivering of persoonlike onderhoud aanvra.
- (d) Taalvaardigheid in die taalmedium waarin 'n student die program wil aanbied (Afrikaans of Engels) sal getoets word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementhoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n taalvaardigheidsmodule (soos ENG104) op eie koste geneem en geslaag word alvorens met die skripsie begin word.

Reg. D74 - Duur, organisasie en uitkoms van die program

Om die magistergraad in Grond-en Eiendomsontwikkelingsbestuur (Behuising) te verwerf, word 'n minimum studietydperk van een jaar vereis. Die Departementshoof bepaal hoe die modules oor die studiejare versprei moet word en mag die modules oor 'n ekstra jaar versprei indien 'n student in alle programme (Voltyds, Deeltyds en Kompakleer) nie die nodige akademie onderbou het nie.

Die M.S.S-program kan ook deur middel van blokmodules (kompakleer)_aangebied word. Soos vir deeltydse leerders, strek die program oor twee jaar. Kompakleer studente moet vier werksessie-weke per jaar gedurende die eerste twee studiejare van die program gedurende tye soos deur die Departementshoof bepaal, by die Departement bywoon. Gedurende die werksessies sal lesings, tutoriale, praktika en besprekings plaasvind. Opdragte sal uitgewerk word en toetse of eksamens afgelê word. Die tweede studiejaar sal vir die skripsie aangewend word.

Ná voltooiing van die M.G.E.B.(Beh.)-program sal die afgestudeerdes 'n graad ontvang en oor die volgende vaardighede beskik:

- 'n Grondige kennis hê van die aard en doel van behuising en menslike nedersettings, die ontwerp en konstruksie daarvan.
- Die vermoë hê om praktiese projekte en verskillende soorte planne vir behuising en menslike nedersettings aan te pak, uit te voer en te bestuur.
- 'n Deeglike kennis hê van omgewingsake, die behuising- en verstedelikingsproblematiek van die land, stedelike infrastruktuur en vervoervoorsiening.
- 'n Fyn aanvoeling hê vir die proses van publieke deelname en die belangrikheid van inspraak deur alle rolspelers by die opstel van planne en beleide.
- Die vermoë hê om verslae duidelik en logies te skryf en voorstelle, met alternatiewe, mondelings aan alle belanghebbendes te kommunikeer en om professionele bestuursbeginsels toe te pas in die praktyk.
- Die vermoë hê om die Nasionale Behuisingsbeleid te evalueer en implimenteer terwyl internasionale en globale omstandighede in ag geneem word.
- Oor die vermoë beskik om projek en finansiële bestuur te doen met uitgawes en aansprekbaarheid in aggenome.

Reg. D75 - Kurrikulum

Die samestelling van die student se kurrikulum en keusemodules sal in oorleg met die Departementshoof aan die begin van elke jaar vooruit bepaal word.

Gedoseerde Magistergraad (180 Krediete)

Studente moet vir die Magistergraad in Grond-en Eiendomsontwikkelingsbestuur, 48 krediete verwerf deur twee navorsingsprojekte, dan hoofmodules en semestermodules volgens hul behoefte en agtergrond soos deur die Departementshoof bepaal, aanbied met 'n minimum van 24 krediete en 'n skripsie of publieerbare artikel vir 108 krediete.

1. Navorsingsprojekte (2x24 krediete) Navorsing (gevalle studies) word gedoen volgens student se voorgraadse studie en studieleiers moet 'n spesialis wees in die navorsingsveld.

Kies twee van die volgende:

1.1 Bou en beplannings wetenskappe

Module	Beskrywing	Krediete
HAS793	Navorsing oor argitektuur en behuising	24
HSU793	Navorsing oor behuising in Stads- en Streekbeplanning	24
HSS793	Navorsing oor dienste en behuising	24
HSB793	Navorsing oor boubestuur, konstruksie en behuising	24
HSE793	Navorsing oor bou-ekonomie	24
HVH793	Navorsing oor volhoubare behuising	24
HPF793	Navorsing oor behuisingsbeleid en finansiering	24

Of

1.2 Menslike, administratiewe en ekonomiese wetenskappe

HSB793	Navorsing oor menslike nedersettings	24
HSD793	Navorsing oor administrasie van behuising	24
HSN793	Navorsing oor finansiële bestuur van behuising	24

2. Gekose leer (24 Krediete)

Enige modules soos in oorleg met die Hoof van die Departement.

2.1 Hoofmodules

Kode	Beskrywing	Krediete
SSS704	Argitektuur beginsels van ontwerp en uitleg van behuisingstipes	16
BMT704	Besigheidsbestuur	16

En/of

2.2 Bykomende modules

Kode	Beskrywing	Krediete
ACA702	Alternatiewe bou benaderings	8
CSE702	Huiseienaaropleiding	8

3. Uitgebreide skripsie

Kode	Beskrywing	Krediete
HSS791	Verhandeling of publseerbare, verbandhoudende artikel.	108

Reg. D76 - Slaagvereistes

Benewens die vereistes soos gestel in die algemene regulasies geld ook die volgende:

- Vir al die modules, met uitsondering van HSS791, word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgraadse modules, uit 'n jaar-/semestersyfer en 'n eksamensyfer bereken.
- Vir alle modules aangebied deur die Departement Stads- en Streekbeplanning sal die finale eksamen mondeling afgeneem word en geen tweede eksamengeleentheid sal aangebied word nie, behalwe waar die Departementshoof anders besluit.
- Vir gekosemodules kan, soos deur die Hoof van die Departement bepaal, 'n student promoveer met 'n 65% semestersyfer en dus vrygestel word van eksamen in daardie modules.

- (iv) Vir die module HSS791 word 'n skripsie of publiseerbare verbandhoudende artikel vereis en sal 'n eksterne eksaminator by die beoordeling van die skripsie, wat mondelinge eksaminering insluit, optree. Die artikel moet aanvaar word deur 'n geakkrediteerde vaktydskrif as wetenskaplike artikel om as alternatief vir die skripsie te dien.
- (v) Die graad word toegeken aan 'n student wat 'n minimum van 128 krediete in die program behaal.
- (vi) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gemiddeld van 75% behaal het in die minimum voorgeskrewe studiejare.

MAGISTER IN STADS- EN STREEKBEPANNING
Kode 4762 **NKR-vlak 9**

M.S.S.

Program in Stads- en Streekbeplanning: Residensiële en Kompakleer program.

Die twaalf/agtien maande voltydse/deeltydse program lei tot die verwerping van die graad Magister in Stads- en Streekbeplanning wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners (SARSS) erken word.

Reg. D59 - Toelatingsvereistes

- (a) 'n Persoon kan tot voorgenoemde program in Stads- en Streekbeplanning toegelaat word indien hy/sy in besit is van die volgende kwalifikasies en die nodige akademiese onderbou het:
 - (i) 'n Honneursgraad (B. Hons.RP of soortgelyk) in Stads- en Streekbeplanning
 - (ii) Baccalaureus in Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur B.G.E.B. kode 4321 met die voorwaarde dat ontbrekende modules vir B. Hons. in Ruimtelike Beplanning voltooi moet word.
- (b) Waar 'n student nie in geheel aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan in oorleg met die Departementshoof in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word, met die finale beslissing by die Dekaan of soos bepaal deur die EVL kantoor. Aanvullende studie soos deur die Departementshoof bepaal, mag vereis word of dit kan verwag word dat 'n student 'n ekstra jaar neem om die program te voltooi.
- (c) 'n Persoon in besit van een van bogenoemde kwalifikasies word nie outomaties tot die program toegelaat nie. Keuring vind plaas en die Departementshoof mag 'n skriftelike motivering of persoonlike onderhoud aanvra.
- (d) Taalvaardigheid in die taalmedium waarin 'n student die program wil aanbied (Afrikaans of Engels) sal getoets word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementshoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n taalvaardigheidsmodule (soos ENG104) op eie koste geneem en geslaag word alvorens met die skripsie begin word.
- (e) 'n Toets van rekenaar geletterdheid moet afgelê word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementshoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n rekenaarvaardigheidsmodule op eie koste geneem en geslaag word binne die eerste studiejaar.

Reg. D60 – Duur, organisasie en uitkoms van die program

Om die magistergraad in Stads- en Streekbeplanning te verwerf, word 'n minimum studietydperk van een jaar vereis. Die Departementshoof bepaal hoe die modules oor die studiejare versprei moet word en mag die modules oor 'n ekstra jaar versprei indien 'n student in alle programme (Voltyds, Deeltyds en Kompakleer) nie die nodige akademiese onderbou het nie.

Die M.S.S-program kan ook deur middel van blokmodules (kompakleer) aangebied word. Soos vir deeltydse studente, strek die program oor 18 maande. Kompakleer studente moet vier werksessie-keke per jaar gedurende die eerste twee studiejare van die program gedurende tye soos deur die Departementshoof bepaal, by die Departement bywoon. Gedurende die werksessies sal lesings, tutoriale, praktika en besprekings plaasvind. Opdragte sal uitgewerk word en toetse of eksamens afgeleë word. Die tweede studiejaar sal vir die skripsie aangewend word.

Ná voltooiing van die M.S.S.-program sal die afgestudeerde 'n professionele graad ontvang en oor die volgende vaardighede beskik:

- 'n Grondige kennis hê van die aard en doel van stads- en streekbeplanning asook beplannings-teorie, filosofieë en etiek.
- Die vermoë hê om praktiese stads- en streekbeplanningsprojekte aan te pak en uit te voer insluitende dorpsuitlegte en dorpsstigting, die opstel en bestuur van verskillende soorte planne en stedelike ontwikkelingsbestuur.
- 'n Deeglike kennis hê van omgewingsake, die behuisings- en verstedelikingsproblematiek van die land, stedelike infrastruktuur en vervoervoorsiening.
- 'n Fyn aanvoeling hê vir die proses van publieke deelname en die belangrikheid van inspraak deur alle rolspelers by die opstel van planne en beleide.
- Die vermoë hê om verslae duidelik en logies te skryf en voorstelle, met alternatiewe, mondelings aan alle belanghebbendes te kommunikeer en om professionele bestuursbeginsels toe te pas in die praktyk.

Nadat voldoende praktiese opleiding gedoen is mag die afgestudeerde as Stads- en Streekbeplanner by die Raad van Stads- en Streekbeplanners registreer. Alhoewel die program as sulks nie internasionale akkreditasie het nie, werk studente van hierdie departement in onder andere Engeland, Ierland, V.S.A., Kanada, Australië en Nieu Seeland.

Reg. D61 – Kurrikulum

Die samestelling van die student se kurrikulum en keusemodules sal in oorleg met die Departementshoof aan die begin van elke jaar vooruit bepaal word.

Gedoseerde Magistergraad (200 Krediete)

Studente moet vir die Magistergraad in Stads- en Streekbeplanning, bo en behalwe die verpligte 136 krediete hoofmodules, semestermodule volgens hul behoefte en agtergrond soos deur die Departementshoof bepaal, aanbied, met 'n minimum van 64 krediete.

Verpligte (Fundamentele en Kern) leer (136 krediete)

Module	Beskrywing	Tipe Module	Krediete
GTR793	Gevorderde Navorsing in Stadsbeplanning	Fundamenteel	16
TSP792	Toegepaste Streeknavorsingsprojek	Fundamenteel	32
SSS791	Uitgebreide skripsie of wetenskaplike artikel	Kern	88

Gekose leer (64 Krediete)

Enige keuse modules soos in oorleg met die Hoof van die Departement.

Kode	Beskrywing	Krediete
BEH752	Behuising	8
BGM752	Verstedeliking en Metropolitaanse beplanning	8
BGR752	Beplanningsbestuur	8

BVG752	Beplanning vir volhoubare samelewings	8
CSB752	Capita selecta in beplanning 1	8
CSB762	Capita selecta in beplanning 2	8
CSB702	Capita selecta in beplanning 3	8
CSB704	Capita selecta in beplanning 4	16
ENB752	Eiendomsontwikkeling en waardering	8
GBE752	Geografie vir beplanners	8
GIB704	Geografiese inligtingstelsel vir beplanners	16
GND752	Gender in Beplanning	8
GOB752	Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning	8
LGB752	Beplanning vir landelike gebiede	8
OEB752	Ontwikkelingseconomie	8
OGG752	Ontwikkelingsbeplanning	8
PDF752	Publieke deelname en fasilitering	8
PPB752	Professionele praktyk en projekbestuur	8
RBT752	Ruimtelike beplanning vir toerisme	8
RPB752	Beheer van die Ruimtelike Plan	8
SBF752	Strategiese Ruimtelike beplanning en Finansiële bestuur	8
SOB752	Sosiologie vir beplanners	8
STO752	Stedelike ontwerp	8
TVB752	Toekomskunde vir Beplanning	8
VVB752	Vervoer beplanning	8

Studente kry die geleentheid om te spesialiseer in die volgende spesialisvelde:

- (i) **Volhoubare Landelike Ontwikkeling met modules:**
LGB752, OGG752 en OEB752
- (ii) **Toerisme en Ontwikkeling met modules:**
RBT752, OGG752 en PDF752
- (iii) **Gemeenskapsbeplanning met drie van die volgende vier modules:**
PDF752, BVG752, STO752 en TVB752
- (iv) **Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning met die volgende modules:**
GOB752, SBF752, PDF752 en RPB752

Reg. D62 - Oorgangsregulasies

Alle studente wat voor 2005 registreer het sal die program soos uiteengesit in vorige jaarboek volg.

Reg. D63 - Slaagvereistes

Benewens die vereistes soos gestel in die algemene regulasies geld ook die volgende:

Eksaminering

- (i) Vir al die modules, met uitsondering van SSS791, word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgaande modules, uit 'n jaar-/semestersyfer en 'n eksamensyfer bereken.
- (ii) Vir alle modules aangebied deur die Departement Stads- en Streekbeplanning sal die finale eksamen mondeling afgeneem word en geen tweede eksamengeleentheid sal aangebied word nie, behalwe waar die Departementshoof anders besluit.

- (iii) Vir modules aangebied deur ander departemente, bv. SOB752 e.a., sal die moderator aangewys word uit die Departement Stads- en Streekbeplanning.
Vir gekosemodules kan, soos deur die Hoof van die Departement bepaal, 'n student promoveer met 'n 65% semestersyfer en dus vrygestel word van eksamen in daardie modules.
- (iv) Vir die module SSS791 word 'n skripsie of verbandhoudende artikel vereis en sal 'n eksterne eksaminator by die beoordeling van die skripsie, wat mondelinge eksaminering insluit, optree. Die artikel moet aanvaar word deur 'n geakkrediteerde vaktydskrif as wetenskaplike artikel om as alternatief vir die skripsie te dien.
- (v) Die graad word toegeken aan 'n student wat 'n minimum van 200 krediete in die program behaal.
- (vi) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat in SSS791, GTR793 en TSP792 'n gemiddeld van 75% behaal het in die minimum voorgeskrewe studiejare.

MAGISTER IN STADS- EN STREEKBEPLANNING (Navorsing)
Studiekode 4764

M.S.S.

Die program lei tot die verwerwing van die graad Magister in Stads- en Streekbeplanning (Navorsing).

Studente wat oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad (geakkrediteer deur die SACPLAN) in Stads- en Streekbeplanning beskik, kan die M.S.S.-graad verwerf deur (i) die skryf van 'n verhandeling (SSS700 - 180 krediete) en (ii) die publikasie (of aanvaarding vir publikasie) van 'n verbandhoudende artikel in 'n geakkrediteerde vaktydskrif. Aanvullende studie mag soos deur die Departementshoof in elke geval bepaal, vereis word.

Vir persone wat oor 'n Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning beskik en 'n verhandeling skryf, geld die vereistes vir slaagdoeleindes soos gestel in die algemene regulasies.

MAGISTER IN STADS- EN STREEKBEPLANNING
Studiekode 4765

M.S.S.

Hierdie program word vanaf 2006 vervang deur die Baccalaureus in Ruimtelike Beplanning Honneurs (Programkode 4543) en Magister in Stads-en Streekbeplanning (Programkode 4762) vir alle persone wat die eerste keer inskryf.

Program in Stads- en Streekbeplanning: Residensiële en Kompakleer program.

Die tweejarige volttydse of driejarige deelttydse program lei tot die verwerwing van die graad Magister in Stads- en Streekbeplanning wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners (SARSS) erken word.

Reg. D54 - Toelatingsvereistes

- (a) 'n Persoon kan tot voorgenoemde program in Stads- en Streekbeplanning toegelaat word indien hy/sy in besit is van een van die volgende kwalifikasies en die nodige akademiese onderbou het:
 - (i) 'n Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning.
 - (ii) 'n Baccalaureusgraad in Handel, Openbare bestuur, Administrasie of regte.
 - (iii) 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur, Siviele Ingenieurswese, Landmeetkunde, Bourekenkunde, Konstruksiebestuur, Grond- en Eiendomsontwikkelingsbestuur.

- (iv) 'n Graadmodule met onder andere een van die volgende hoofvakke: Antropologie, Bosbou, Ekonomie, Geologie, Geografie, Landbou-ekonomie, Omgewingswetenskappe, Ondernemingsbestuur, Plantkunde, Openbare Bestuur, Publieke Administrasie, Rekenaarinligtingstelsels, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek.
- (b) Waar 'n student nie in geheel aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan in oorleg met die Departementshoof in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word, met die finale beslissing by die Dekaan of soos bepaal deur die EVL kantoor. Aanvullende studie soos deur die Departementshoof bepaal, mag vereis word of dit kan verwag word dat 'n student 'n ekstra jaar neem om die program te voltooi.
- (c) 'n Persoon in besit van een van bogenoemde kwalifikasies word nie outomaties tot die program toegelaat nie. Keuring vind plaas en die Departementshoof mag 'n skriftelike motivering of persoonlike onderhoud aanvra.
- (d) Taalvaardigheid in die taalmedium waarin 'n student die program wil aanbied (Afrikaans of Engels) sal getoets word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementhoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n taalvaardigheidsmodule (soos ENG104) op eie koste geneem en geslaag word alvorens met die skripsie begin word.
- (e) 'n Toets van rekenaar geletterdheid moet afgelê word. Indien nie aan die vereistes, soos deur die Departementshoof bepaal, voldoen word nie, moet 'n rekenaarvaardigheidsmodule op eie koste geneem en geslaag word binne die eerste studiejaar.

Reg. D55 - Duur, organisasie en uitkoms van die program

Om die magistergraad in Stads- en Streekbeplanning te verwerf, word 'n minimum studietydperk van twee jaar vereis. Vir deeltydse kandidate strek die program oor drie jaar. Die Departementshoof bepaal hoe die modules oor die studiejaar versprei moet word en mag die modules oor 'n ekstra jaar versprei indien 'n student in alle programme (Voltyds, Deeltydse en Kompakleer) nie die nodige akademies onderbou het nie.

Die M.S.S.-program kan ook deur middel van blokmodules (kompakleer) aangebied word. Soos vir deeltydse studente, strek die program oor drie jaar. Kompakleer studente moet vier werksessie-weke per jaar gedurende die eerste twee studiejaar van die program gedurende tye soos deur die Departementshoof bepaal, by die Departement bywoon. Gedurende die werksessies sal lesings, tutoriale, praktika en besprekings plaasvind. Opdragte sal uitgewerk word en toetse of eksamens afgelê word. Die derde studiejaar sal vir die skripsie aangewend word.

Ná voltooiing van die M.S.S.-program sal die afgestudeerdes 'n professionele graad ontvang en oor die volgende vaardighede beskik:

- 'n Grondige kennis hê van die aard en doel van stads- en streekbeplanning asook beplannings-teorie, filosofieë en etiek.
- Die vermoë hê om praktiese stads- en streekbeplanningsprojekte aan te pak en uit te voer insluitende dorpsuitlegte en dorpstigting, die opstel en bestuur van verskillende soorte planne en stedelike ontwikkelingsbestuur.
- 'n Deeglike kennis hê van omgewingsake, die behuisings- en verstedelikingsproblematiek van die land, stedelike infrastruktuur en vervoervoorsiening.
- 'n Fyn aanvoeling hê vir die proses van publieke deelname en die belangrikheid van inspraak deur alle rolspelers by die opstel van planne en beleide.
- Die vermoë hê om verslae duidelik en logies te skryf en voorstelle, met alternatiewe, mondelings aan alle belanghebbendes te kommunikeer en om professionele bestuursbeginsels toe te pas in die praktyk.

Nadat voldoende praktiese opleiding gedoen is mag die afgestudeerde as Stads- en Streekbeplanner by die Raad van Stads- en Streekbeplanners registreer. Alhoewel die program as sulks nie internasionale akkreditasie het nie, werk studente van hierdie departement in Engeland, Ierland, V.S.A., Kanada, Australië en Nieu Seeland.

Reg. D56 - Kurrikulum

Die samestelling van die student se kurrikulum en keusemodules sal in oorleg met die Departementshoof aan die begin van elke jaar vooruit bepaal word. Twee programme word aangebied, naamlik:

Gedoseerde Magistergraad (304 krediete) Kode 4765

Studente moet vir die Magistergraad in Stads- en Streekbeplanning, bo en behalwe die verpligte 160 krediete hoofmodules, semestermodules volgens hul behoefte en agtergrond soos deur die Departementshoof bepaal, aanbied, met 'n minimum van 144 krediete.

Hoofmodules (verplichtend - 160 krediete)

Kode	Beskrywing	Krediete	Voorver-eistes
BTR714	Basiese stadsbeplanningsteorie	16	
GTR724	Gevorderde stadsbeplanningsteorie	16	BTR714
BCP712	Basiese rekenaargebruik vir beplanners	8	
BSP712	Basiese stadsbeplanningspraktyk	8	
GCP722	Gevorderde rekenaargebruik vir beplanners	8	BCP712
GSP722	Gevorderde stadsbeplanningspraktyk	8	BSP712
BRT714	Basiese teorie van streekbeplanning	16	
ATS724	Gevorderde teorie van streekbeplanning	16	BRT714
ISR712	Inleidende studies in streekbeplanning	8	
TSP726	Navorsing: Ondersoek in Streekontwikkeling	24	ISR712
SSS792	Skripsie of publiseerbare verbandhoudende wetenskaplike artikel	32	

Die Skripsie of Artikel (SSS791) word aangebied ná voltooiing van minstens een van die ander volgende groepe hoofmodules, naamlik BTR714, GTR724, BCP712, BSP712, GCP722 en GSP722 of BRT714, ATS724, ISR712 en TSP726. Die artikel moet aanvaar word as publiseerbare verbandhoudende wetenskaplike artikel in 'n geakkrediteerde vaktydskrif voordat die graad toegeken word.

Die hoofmodules in Stads- en Streekbeplanning kan op alternatiewe jare aangebied word.

Verpligte Semestermodules (64 krediete)

Kode	Beskrywing	Krediete
BET714	Beplanningsetiek	16
BGO714	Omgewingsbeplanning	16
BMK712	Beplanningsmetodiek	8
BN722	Beplanningsnavorsing	8
EVB714	Toegepaste ekonomie en entrepreneurskap vir beplanners	16

Keuse modules vanaf 2004 (80 krediete)

Kode	Beskrywing	Krediete
BEH712	Behuising	8
BGM712	Verstedeliking en Metropolitaanse beplanning	8
BGR712	Beplanningsbestuur	8
BVG712	Beplanning vir volhoubare samelewings	8
CSB712	Capita selecta in beplanning 1	8
CSB722	Capita selecta in beplanning 2	8
CSB702	Capita selecta in beplanning 3	8
CSB704	Capita selecta in beplanning 4	16
ENB712	Eiendomsontwikkeling en waardering	8
GBE712	Geografie vir beplanners	8
GIB714	Geografiese inligtingstelsel vir beplanners	16
GOB712	Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning	8
LGB712	Beplanning vir landelike gebiede	8
OEB712	Ontwikkelings ekonomie	8
OGG712	Ontwikkelingsbeplanning	8
PDF712	Publieke deelname en fasilitering	8
PPB712	Professionele praktyk en projekbestuur	8
RBT712	Ruimtelike beplanning vir toerisme	8
RPB712	Beheer van die Ruimtelike Plan	8
SBF712	Strategiese Ruimtelike beplanning en Finansiële bestuur	8
SOB712	Sosiologie vir beplanners	8
STO712	Stedelike ontwerp	8
TVB712	Toekomskunde vir Beplanning	8
VVB712	Vervoerbeplanning	8

Studente kry die geleentheid om te spesialiseer in die volgende spesialisvelde:

(i) Volhoubare Landelike Ontwikkeling met modules

LGB712, OGG712 EN OEB712

(ii) Toerisme en Ontwikkeling met modules:

RBT712, OGG712 en PDF712

(iii) Gemeenskapsbeplanning met drie van die volgende vier modules:

PDF712, BVG712, STO712 en TVB712.

(iv) Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning met die volgende modules:

GOB712, SBF712 en RPB712.

Keuse modules vir studente voor 2004

Nuwe kode	Ou kode
BEH712/722	BEH714/724
BGM712/722	BGM714/724
BGR712/722	BGR714/724
ENB712/722	ENB714/724
GBE712/722	GBE714/724

LGB712/722	LGB714/724
OGG712/722	OGG714/724
RBT712/722	RBT714/724
SOB622	SOB625
STO712/722	STO714/724
TVB712/722	TVB714/724
VVB712/722	VVB714/724

Reg. D57 - Oorgangsregulasies

Alle studente wat voor 2005 registreer het sal die program soos uiteengesit in vorige jaarboek volg.

Nuwe kode	Beskrywing	Ou kode
BTR714	Basiese stadsbeplanningsteorie	SSS701
GTR724	Gevorderde stadsbeplanningsteorie	Gekoppel
BCP712	Basiese rekenaargebruik vir beplanners	SSS702
BSP712	Basiese stadsbeplanningspraktyk	Gekoppel
GCP722	Gevorderde rekenaargebruik vir beplanners	Gekoppel
GSP722	Gevorderde stadsbeplanningspraktyk	Gekoppel
BRT714	Basiese teorie van streekbeplanning	SSS703
ATS724	Gevorderde teorie van streekbeplanning	Gekoppel
ISR712	Inleidende studies in streekbeplanning	SSS704
TSP726	Navorsing: Ondersoek in Streekontwikkeiling	Gekoppel
SSS792	Skripsie of publiseerbare verbandhoudende artikel	SSS791

Semestermodes (verpligtend)

Nuwe kode	Beskrywing	Ou kode
BEH714/724	Behuising	SSS721
BET714/724	Beplanningsetiek	SSS723
EVB714/724	Ekonomie vir beplanners	EKB625
BMK714/724	Beplanningsmetodiek	SSS722
BGO714/724	Omgewingsbeplanning	SSS720

Keusemodules

Nuwe kode	Beskrywing	Ou kode
BGR714/724	Beplanningsbestuur	SSS733
CSB714/724	Capita selecta in beplanning	SSS728
GBE714/724	Geografie vir beplanners	GE0645
GIB714/724	Geografiese inligtingstelsel vir beplanners	SSS732
GPU714/724	Gevorderde praktyk van stadsbeplanning	SSS731
OGG714/724	Ontwikkelingsbeplanning	SSS727
SIB714/724	Siviele ingenieurswese vir beplanners	SSS724
STO714/724	Stedelike ontwerp	SSS726
SOW714/724	Stedelike ontwikkeling	SSS730
VER714/724	Verstedeliking	SSS725
VVB714/724	Vervoervoorsiening	SSS729

Reg. D58 - Slaagvereistes

Benewens die vereistes soos gestel in die algemene regulasies geld ook die volgende:

Eksaminering

- (i) Vir al die modules, met uitsondering van SSS791, word 'n gesamentlike eksamensyfer, soos by voorgraadse modules, uit 'n jaar-/semestersyfer en 'n eksamensyfer bereken.
- (ii) Vir alle modules aangebied deur die Departement Stads- en Streekbeplanning sal die finale eksamen mondeling afgeneem word en geen tweede eksamen geleentheid sal aangebied word nie, behalwe waar die Departementshoof anders besluit.
- (iii) Vir hoofmodules soos BSP712/GSP722 en BCP712/GCP722 wat gekoppel is, is dit 'n vereiste dat beide modules, BSP712 en BCP712, in die eerste semester geslaag moet word om in die tweede semester met GSP722 en GCP722 te mag voortgaan.
- (iv) Vir modules aangebied deur ander departemente, bv. SOB712 e.a., sal die moderator aangewys word uit die Departement Stads- en Streekbeplanning.
Vir nie-hoofmodules kan, soos deur die Hoof van die Departement bepaal, 'n student promoveer met 'n 65% semestersyfer en dus vrygestel word van eksamen in daardie modules.
- (v) Vir die module SSS791 word 'n skripsie of publiseerbare verbandhoudende artikel vereis en sal 'n eksterne eksaminator by die beoordeling van die skripsie, wat mondelinge eksaminering insluit, optree. Die gepubliseerde verbandhoudende wetenskaplike artikel moet aanvaar word deur 'n geakkrediteerde vaktydskrif as wetenskaplike artikel om as alternatief vir die skripsie te dien.
- (vi) Die graad word toegeken aan 'n student wat 'n minimum van 304 krediete in die program behaal.
- (vii) Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat in SSS791, GTR724, BRT714, ATS724, BTR714, BSP712, BCP712, GSP722, GCP712, ISR712, TSP726 'n gemiddeld van 75% behaal het.

Doktorsgrade

Graad	Afkorting	Studiekode	Modulekode
(i) *Doctor Architecturae	D.Arch.	4910	900
(ii) Philosophiae Doctor	Ph.D.	4920	900

Die graad Philosophiae Doctor word in Argitektuur, Bourekenkunde (BOR900) en Konstruksiebestuur (KOB900), Eiendomswetenskap (PRO900) en Stads- en Streekbeplanning (SSS900) toegeken.

* Regulasies soos vir Ph.D.

REGULASIES

Reg. D64 - Toelating

Die algemene regulasies ten opsigte van doktorsgrade is **mutatis mutandis** van toepassing (raadpleeg Algemene Jaarboek: Nagraads).

DOCTOR ARCHITECTURAE

Studiekode 4910

Reg. D65 - Regulasies soos vir Ph.D.

Sillabusse

Departement Argitektuur

Sillabusse: B.Arch.Stud.; B.Arch.Stud. (Hons.); M.Arch.(Prof.)

Die volgende modules word in of vir die Departement aangebied:

Modulekode	Beskrywing
BMK612	Beplanningsmetodiek (Departement Stads- en Streeksbeplanning)
BNA622	Beplanningsnavorsing (Departement Stads- en Streeksbeplanning)
BKR306	Boukontraktereg (Department Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)
BOW106	Bouwetenskap
BOW204/BOW206	Bouwetenskap
BOW304/BOW306	Bouwetenskap
BOW608	Bouwetenskap
BOW708	Bouwetenskap
BPK514	Beroepspraktyk (Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)
EOK404	Eiendoms ekonomie (Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)
FSK112	Fisika (Departement Fisika)
GRT104	Voorstellingstegnieke
GRT204	Rekenaartekenaarskap
GRT112	Meetkundige Tekene
GRT122	Fotografie
KWE204	Konstruksiewetenskap (Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)
KWE304	Konstruksiewetenskap (Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)
OGT104	Omgewingsgeskiedenis
OGT204	Omgewingsgeskiedenis
OGT304	Omgewingsgeskiedenis
OGT604	Omgewingsgeskiedenis
ONW100	Ontwerp
ONW200	Ontwerp
ONW300	Ontwerp
ONW600	Ontwerp
PAK714	Professionele Argitekspraktyk
SKR791	Uitgebreide Skripsie
SSS213	Behuising (Departement Stads- en Streekbeplanning)
TAR223	Teorie van Argitektuur
TAR304	Teorie van Argitektuur
TAR604	Teorie van Argitektuur
TAR714	Teorie van Argitektuur
KGK122	Kunsgeskiedenis vir Argitekte (Departement Kunsgeskiedenis)
'WTW142	Inleiding tot Calculus en Sterkteleer (Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde)

BMK612 - Beplanningsmetodiek (8 krediete): slegs vir B.Arch. (Hons.)-kandidate
(Kyk vir inligting onder Departement Stads- en Streeksbeplanning)

BNA622 - Beplanningsnavorsing (8 krediete): slegs vir B.Arch. (Hons.)-kandidate
(Kyk vir inligting onder Departement Stads- en Streeksbeplanning)

BKR306 - Boukontraktereg (24 krediete)

(Kyk inligting onder Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)

BOW106, BOW204/206, BOW304/306, , BOW608, BOW708 - Bouwetenskap

Die module bestaan uit teoretiese en praktiese onderrig, gekombineer met besoeke aan terreine, vervaardigers en handel skoue, asook die voltooiing van 'n messelmodule.

BOW106 (24 Krediete)

Twee een-uur lesingperiodes en drie een-uur praktiese periodes per week, asook een een-uur teorie-van-praktyk lesingperiode, beide semesters.

Teorie: Die volledige konstruksie van 'n eenvoudige enkelverdieping struktuur, inleiding tot materiale.

Werkstekeninge: Enkel verdieping struktuur.

Terreinbesoeke: Verduideliking van teorie.

Werkstukke en seminare: Die verband tussen ontwerp en struktuur.

BOW204/BOW206 (16krediete/24 krediete)

Twee een-uur lesingperiodes per week, asook een een-uur teorie-van-praktyk lesingperiode, beide semesters. Prakties in eie tyd (BOW204).

Twee een-uur lesingperiodes en drie een-uur praktiese periodes per week asook een een-uur teorie-van-praktyk lesingperiode vir beide semesters (BOW206).

Teorie: Nasionale bouregulasies en SABS 0400.

Volledige konstruksie van 'n dubbelverdieping struktuur.

Materiale: grond, sement, baksteen, beton, hout, glas en metale.

Werkstekeninge: Dubbelverdieping gebou met kelder.

Terreinbesoeke: 'n Volledige bouprojek.

Werkstukke en seminare: Neem-'n-terrein-aan: die totale konstruksie proses.

BOW304/BOW306 (16 krediete/24 krediete)

Twee een-uur lesingperiodes per week asook een een-uur teorie-van-praktyk lesingperiode vir beide semesters. Prakties in eie tyd (BOW304).

Twee een-uur lesingperiodes en drie een-uur praktiese periodes per week, een 1-uur teorie-van-praktyk lesing asook twee 1-uur spesifikasie lesingperiodes [wanneer geskeduleer] per week beide semesters (BOW306).

Teorie: Nasionale bouregulasies en SABS 0400.

Konstruksie praktyk binne industriële ekonomieë.

Konteks van geboue- tyd, plek, skaal en gebruikstipe.

Fundamentele en fisiese beginsels van konstruksie.

Invloed van oprigtingmetodes op die gebouevorm.

Beginnels van klimaat-georiënteerde ontwerp

Materiale, afwerking en konstruksiemetodes.

Werkstekeninge: 'n Stel werkstekeninge ten einde die kandidaat bemarkbaar te laat.

Terreinbesoeke: 'n Volledige bouprojek.

Werkstukke en seminare: Die verhouding tussen ontwerp en struktuur binne die Suid-Afrikaanse konteks.

BOW608 (32 krediete):

KOMPONENT 1:

Twee een uur lesingperiodes en drie een uur praktiese periodes, een een uur van praktyk lesing asook een een uur spesifikasie lesingperiodes (wanneer geskeduleer) per week, beide semesters

Teorie: Ontwikkeling van die kandidaat se benadering sowel as teoretiese posisie tov die maak van geboue, terwyl die "*denkende hand in konstruksie*" as tema vir die jaar gebruik word.

Die plasing van Bouwetenskap binne die dissipline van Argitektuur op beide histories en filosofiese vlakke.

Bou materiale, tegnologie en strukturele eienskappe.

Werkstekeninge: Gesofistikeerde en gedetailleerde werkstekeninge ter ondersteuning van die Ontwerp kursus, terwyl die integrasie van ontwerp en konstruksie gestimuleer word.

Terreinbesoeke: 'n Volledige bouprojek.

Werkstukke en seminare: Navorsing van geselekteerde onderwerpe vir publikasie

KOMPONENT 2: vloei voort uit die ontwerp-projekte van ONW600, en behels die verdere ontwikkeling van die strukturele en tegnologiese aspek van die betrokke ontwerp-projekte wat uitloop op toepaslike strukturele ontwerp met betrekking tot teoretiese uitgangspunt, materiaal en metode, detailering en dokumentasie.

BOW708 (32 krediete):

Hierdie module loop parallel met die Uitgebreide Skripsie (SKR791), maar word afsonderlik eksamineer.

KOMPONENT 1: strek oor die eerste semester, en behels die teoretiese en tegniese ondersoek van die gekose struktuur (metode en materiaal) sowel as die strukturele ontwerp van die gekose ontwerp-projek, wat in 'n verslag uiteengesit word.

KOMPONENT 2: strek oor die tweede semester, en behels die verdere strukturele ontwerp-ontwikkeling van die Uitgebreide Skripsie-ontwerp met betrekking tot detailering, en die volledige dokumentasie daarvan.

BOW204, BOW304 (16 krediete elk)

Hierdie modules geld vir kandidate van die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur. Inhoud soos vir BOW206/306, maar slegs teoretiese onderrig en terreinbesoeke. Prakties in eie tyd.

BPK514 - Beroepspraktyk (16 krediete)

(Kyk inligting onder Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)

EOK404 - Eiendomsekonomie (16 krediete)

(Kyk inligting onder Departemente Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)

FSK112 - Fisika (8 krediete)

(Kyk inligting onder Departement Fisika)

GRT104 - Voorstellingstegnieke (16 krediete)

Drie een-uur praktiese periodes per week. Beide semesters. Die bekendstelling van grafiese voorstellingsmetodes, vormstudies en die gebruik van verskillende media, bv. Vryhandtekening.

GRT204 - Rekenaartekenaarskap (16krediete)

Drie een-uur praktiese periodes per week. Die teorie en praktyk van rekenaarondersteunde grafiese metodes.

GRT112 - Meetkundige tekene (8 krediete)

Drie een-uur periodes per week. Ortografiese, aksonometrie, snedes deur soliede liggame, ontplooiings, horisontale projeksie. Teoretiese onderrig gekoppel met praktiese oefeninge.

GRT122 - Fotografie (8krediete)

Twee een-uur praktiese periodes per week. Kameratipes, lense, instelling, ligmeting, fototipes, vergroting, duplisering, modelfotografie, geboufotografie, afdrukke en vergrotings.

KGK122 - Kunsgeskiedenis vir Argitekte (8 krediete)

(Kyk inligting onder die Departement Kunsgeskiedenis, Fakulteit Geesteswetenskappe)

KWE204, KWE304 - Konstruksiewetenskap (16 krediete elk)

(Kyk inligting onder Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur)

OGT104, OGT204, OGT304, , OGT604 - Omgewingsgeskiedenis

Die modules strek oor vier jaar, waarvan die eerste drie jaar deel uitmaak van die graad B.Arch.Stud. en die laaste jaar deel vorm van die die graad B.Arch. [Hons.]. Dit behels in breë trekke die geskiedenis van die beboude omgewing.

OGT104, OGT204, OGT304, OGT604 (16 krediete elk)

Twee tot vier een-uur lesingperiodes per week. Beide semesters. Die modules begin met 'n inleiding tot die geskiedenis van argitektuur, nedersettings en die kunste as universele kultuurverskynsels. Die interaksie van die drie komponente en hulle voorkoms internasionaal, in 'n Afrikakonteks en plaaslik, van prehistoriese tye tot die huidige, word oor drie jaar behandel. OGT608 word aangebied vir B.Arch.(Hons.)

OGT604 (16 krediete):

Drie een-uur lesingperiodes per week. Beide semesters.

KOMPONENT 1: Die geskiedenis, teorie en praktyk van stedelike ontwerp en openbare kunste word aangespreek op 'n soortgelyke geïntegreerde wyse as in die vorige drie jaar.

KOMPONENT 2: vloei voort uit die ontwerp-projekte van ONW600, en behels 'n kritiese ondersoek na die historiese aspekte van die betrokke ontwerp-tema en -projek. Kritiese analises van relevante presedente (histories en kontemporêr) vorm 'n belangrike deel van hierdie ondersoek en loop uit op 'n verslag.

ONW100, ONW200, ONW300: (48 krediete elk)

Een een-uur lesingperiode per week en vyftien tot agtien periodes prakties per week. Beide semesters.

ONW100/200/300 vorm deel van die B.Arch.Stud.-program. Die modules is daarop ingestel om die student se vermoë te ontwikkel om probleme van die mens se interaksie met sy fisiese omgewing te identifiseer en kreatief op te los. Die ateljee is die plek waar die ontwerp-proses deur voorgeskrewe projekte aangeleer word. Hierdie proses behels die skepping van ruimtes en artefakte (landskappe, stede, geboue, gebruiksojekte), om daardeur die omgewing (natuurlik, sosiaal en kultureel) mensvriendelik en funksioneel te maak. Aspekte soos funksionele beplanning, strukturele integriteit en betekenisvolle vormgewing word beklemtoon in die modules, waarin die spektrum van ontwerp-teorieë, 'n wye verskeidenheid projektipes en argitektuurgeskiedenis in wisselende kombinasies, gebruik word om al die vakgebiede binne die kurrikulum te integreer.

Tydens die drie studiejaar (ONW100/200/300) word al die gemelde aspekte van ontwerp, met inagneming van die verskeidenheid ander modules wat in die betrokke jaar deurloop word, telkens in 'n meer komplekse vorm aangespreek. Verpligte toere sal deel vorm van die Ontwerpmodule van elke jaar.

ONW600: (48 krediete)

Vier temas, een per kwartaal, word deur middel van 'n spesifieke ontwerp-projek, wat deur elke individuele kandidaat geïdentifiseer word, krities nagevors en ondersoek. Die vier temas raak aspekte soos stedelike ontwerp, volhoubaarheid (omgewingsimpak, grondkonstruksie/alternatiewe tegnologie, ens.), bewaring, kontemporêre teoretiese-filosofiese vraagstukke, behuising en landskap. Die kritiese ondersoek van elke tema word voorafgegaan deur groepsnavorsing wat uiteindelik uitloop op individuele verslae en ontwerp-projekte. Bouwetenskap, Omgewingsgeskiedenis en Teorie van Argitektuur word op sinvolle wyse ten opsigte van elke tema met die betrokke ontwerp-projek geïntegreer.

PAK714 - Professionele Argitekspraktik (16 krediete):

Twee een-uur periodes per week in die eerste semester.

Hierdie module behels aspekte rondom die professionele bedryf van 'n argitekspraktik, en sluit aspekte in soos kantooradministrasie en finansies, professionele kliëntediens, kommunikasie, voorlegging/aanbieding van projekte, bemarking, skakeling met konsultante, ens.

SKR791 - Uitgebreide Skripsie (100 krediete):

Twintig praktiese periodes per week, beide semesters.

'n Uitgebreide Skripsie waarvan die tema deur die departementshoof en die betrokke dosent goedgekeur word. Die Uitgebreide Skripsie moet uitloop op 'n ontwerpprojek en bewys lewer dat die student konstruksietegnieke en argitektuurteorie op 'n hoë vlak bemeester het. In uitsonderlike gevalle mag die departementshoof spesiale toestemming gee dat 'n Uitgebreide Skripsie met 'n hoofsaaklik teoretiese inhoud aangebied word. Kriteria vir sodanige afwyking sal deur die departementshoof bepaal word.

Hierdie module bestaan uit twee komponente.

KOMPONENT 1: strek oor die volle jaar en behels ondersoekende navorsing en kritiese beoordeling van al die aspekte betrokke (histories, teoreties, kontekstueel ens.) by die gekose ontwerp-ontwerp en -projek wat in 'n dokument uiteengesit word.

KOMPONENT 2: strek oor die volle jaar en loop parallel met komponent 1. Dit behels die ontwikkeling van die gekose ontwerp-projek met betrekking tot konsepontwikkeling, programontwikkeling en uiteensetting (akkommodasie-lys en ruimtelike afmetings), die integrasie van alle aspekte betrokke (presidentstudies, historiese en teoretiese uitgangspunte, kontekstuele en omgewings/stedelike determinante, struktuurontwikkeling en tegniese parameters, dienste, ens.) in 'n toepaslike ontwerp-oplossing, en die aanbieding daarvan in 'n dokument met die nodige illustrasies, sketse, tekeninge en uiteindelijke model(le).

SSS213 - Behuising (12 krediete)

(Kyk inligting onder Departement Stads- en Streekbeplanning)

TAR223 - Teorie van Argitektuur (12 krediete)

Hierdie module bespreek die sentrale problematiek rondom argitektoniese vormgewing. Dit dien as inleiding tot en oorsig van die geskiedenis van Argitektuurteorie vanaf die klassieke tyd tot die twintigste eeu.

TAR304 - Teorie van Argitektuur (16 krediete)

Hierdie module dien as 'n inleiding tot die teoretiese inhoud van moderne en kontemporêre argitektuur. Die doel met hierdie module is om aan die student 'n oorkoepelende begrip van die ontwikkeling in argitektuur-teorie te bied. Dit dien as 'n inleiding tot die teoretiese ontwikkelings wat geleidelik tot moderne en kontemporêre argitektuur deur 'n chronologiese bespreking van verskillende historiese teoretiese benaderings. Die inhoud fokus veral op teoretiese konvensies voor 1800, teoretiese beginsels na 1800, teorieë onderliggend aan Modernisme, en kontemporêre Suid-Afrikaanse teoretiese ontwikkelings.

TAR604 - Teorie van Argitektuur (16 krediete):

Hierdie module bestaan uit twee komponente:

KOMPONENT 1: Hierdie gedeelte bied 'n in diepte ondersoek na die sogenaamde post-moderne beskouing van kontemporêre argitektuur. Die primêre oogmerk is om die student in staat te stel om in die finale, skripsie, jaar hul eie ontwerpe te kan motiveer aan die hand van internasionaal-erkende teoretiese argumente.

KOMPONENT 2: Hierdie gedeelte vloei voort uit die ontwerp-projekte van ONW600, en behels 'n kritiese ondersoek na die teoretiese aspekte van die betrokke ontwerp-tema en -projek. Kritiese analyses van relevante kontemporêre teoretiese uitgangspunte, sowel as toepaslike teoretiese aspekte met betrekking tot die betrokke ontwerp-tema en -projek, vorm 'n belangrike deel van hierdie ondersoek en loop uit op 'n verslag.

TAR714 - Teorie van Argitektuur (16 krediete):

Twee een-uur lesings/seminare per week, eerste semester.

Hierdie module bestaan uit twee komponente.

KOMPONENT 1: Aspekte van die teorie van argitektuur, stadsontwerp en landskapontwerp word op 'n gevorderde vlak ondersoek.

KOMPONENT 2: Hierdie gedeelte vloei voort uit die ontwerp-onderwerp en -projek vir Uitgebreide Skripsie (SKR791), en behels 'n kritiese ondersoek na die teoretiese aspekte van die betrokke ontwerp-onderwerp en -projek. Kritiese analises van relevante kontemporêre teoretiese uitgangspunte, sowel as toepaslike teoretiese aspekte met betrekking tot die betrokke ontwerp-onderwerp en -projek, vorm 'n belangrike deel van hierdie ondersoek en loop uit op 'n verslag.

WTW142 - Inleiding tot Calculus en Sterkteleer (8 krediete)

(Kyk inligting onder Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde.)

Sillabusse

Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur

Sillabusse Residensieel en Oopleerprogramme: B.Sc.(Q.S.), B.Sc.(Konstruksiebestuur) en B.G.E.B. Oopleermodules is met *(asterisk) gemerk.

ABR224 - Arbeidsreg (16 krediete)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Regsgeleerdheid.)

AFP122 en AFP142 - Afrikaans (8 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Geesteswetenskappe.)

AGR424 - Agronomie (16 krediete)

(Kyk Jaarboek, Deel 4.)

ANT112, ANT132, ANT124, ANT212, ANT232, ANT222 en ANT242 - Antropologie (8 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Geesteswetenskappe.)

ARG102*en ARG202*- Argitektuur (8 krediete)**ARG102* (8 krediete)**

Die geskiedenis van argitektuur ten opsigte van die boukuns vanaf die antieke beskawing tot die 21ste eeu. Die Argitektuur-filosofie; 'n oorsigtelike beskouing; die verband tussen historiese boukuns, kultuur omgewing en filosofie. Die ekonomiese inslag van argitektuur.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die beboude omgewing te waardeer
- oor 'n basiese kennis van style en karakter in argitektuur beskik
- argitektuurstyle te kan identifiseer en krities daaroor kan dink.

ARG202* (8 krediete)

Aspekte van argitektuurteorie en filosofie wat die moderne mens en ontwikkeling raak. Die beboede omgewing, stedelike beplanning en ontwerpgrondslae. Behuisingsontwerp en konstruksie, die benadering tot skepping van heilsame omgewings vir gemeenskappe. Die ontwerp en dokumentasie van 'n woning in praktyk.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- oor 'n grondige kennis van die basiese filosofie van argitektuur beskik
- 'n aanvaarding vir goeie ontwerp en konstruksie te hê
- basiese ontwerpdocumentasie van 'n eenvoudige gebou kan doen
- ontwerpgrondslae te verstaan.

BKF104/DQF104*, BKF204/DQF204*, BKF304/DQF304* en BKF404/DQF404* - Beskrywende Kwantifisering

BKF104/DQF104* (16 krediete)

Inleidende perspektief: Inleiding tot die bou- en konstruksiebedryf-, struktuur, funksionering, dienste, belang. Oriëntering binne eiendomswese. Professionele konsultante, kontrakteur en belegger. Beroepsoriëntering en interprofessionele skakeling. Inleiding tot dokumentasiebesorging: tipes, doel, samestelling en metodiek. Inleiding tot finansiële dienslewering.

Dokumenteringsprosedures: Inleiding tot dokumenteringsprosedure en -metodiek vir tenderwinning of -voorbereiding; elemente, indeling en samestelling.

Konstruksietekeninge: Interpretasie van konstruksietekeninge. Driedimensionele begrip en perspektief.

Beskrywende kwantifisering: Inleiding tot beskrywende kwantifisering; styl, uiteensetting, verwysing en groepering. Dissektering van klein, medium en komplekse geboustrukture i.t.v. afdelings, onderafdelings elemente en komponente; spesifisering en kwantifisering daarvan, verwerking en samestelling van lysopgawes.

Gerekenariseerde kwantifiseringsisteme: Inleidende oorsig van gerekenariseerde kwantifisering-sisteme; opmeting, verwerking en lysprodusering. Inleidende oorsig van gerekenariseerde teken-sisteme; driedimensionele begrip, prosedure en verwerking. Integrering van meet- en tekensisteme; algemene konsepsionele benadering en dokumentasie.

Klein, medium en komplekse konstruksies: Dissektering, spesifisering, kwantifisering en samestelling van prosesitems i.t.v. elementvlak- en komponentvlakitem-definiëring t.o.v. fondamentwerk, onderstrukture vir geraamde en lasdraende konstruksies, eenvoudige betonvloere, -raamwerke en -trappe. Mure, waterdigting van platdakke, plat- en staandakkonstruksies, vensters en deure, afwerkings, plafonne en -stelsels, toebehore en dienste. Verwerking van hoeveelhede, ekserpering in elemente en komponente en samestelling van lyswerk.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die basiese beginsels van konstruksie te verstaan en ook die doel van dokumenteringsprosedure en metodiek vir tenderwinning verstaan
- die samestelling en konstruksie van projek deur dissektering, spesifisering, kwantifisering en samestelling van prosesitems in terme van elementvlak en komponentvlak, item-definiëring t.o.v. klein, medium en komplekse konstruksies te verstaan

BKF204/DQF204* (16 krediete)

Eenvoudige konstruksies: Dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems i.t.v. ambagitem-definiëring t.o.v.: fondamentwerk, onderstrukture, muurkonstruksies, dakkonstruksies en -afwerkings, afwerkings, vensters, deure. Verwerking van hoeveelhede, ekserpering in ambagte, konseplyste en geïntegreerde voorbeelde.

Komplekse konstruksies: Dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems i.t.v. ambagitem-definiëring t.o.v.: houtvloere, spesiale vensters en deure. Verwerking van hoeveelhede, ekserpering in ambagte, konseplyste en geïntegreerde voorbeelde.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die onderliggende redes waarom 'n bouerekenaar sy werk op 'n sistematiese en nougesette wyse uitvoer te verstaan en besondere gedragspatrone aankweek wat kenmerkend van 'n professionele bouerekenaar / konstruksiebestuurder is
- die dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems in terme van ambagitem definiering ten opsigte van eenvoudige en komplekse konstruksies te verstaan en die funksie basies te kan uitvoer.

BKF304/DQF304* (16 krediete)

Eenvoudige konstruksies: Dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems i.t.v. ambagitem-definiering t.o.v.: fondamentwerk, onderstrukture, betonrame, -tussenvloere en -trappe, muurkonstruksies, dakkonstruksies en -afwerkings, afwerkings, vensters, deure, toebehore en sanitêre dienste. Verwerking van hoeveelhede, ekserpering in ambagte, konseplyste en geïntegreerde voorbeelde.

Complekse konstruksies: Dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems i.t.v. ambagitem-definiering t.o.v.: fondamentwerk op hellende terreine; betonvloerblaaie; ens., komplekse messelkonstruksies soos borste, vinne, boë, koepels, spesiale verbandwerk, ens.; en -strukture; langspandakke; patente dakkappe; staalstrukture; patente en nie-patente toebehore; sanitêre toebehore en complete pypstelsels, ens. Verwerking van hoeveelhede, ekserpering in ambagte, konseplyste en geïntegreerde voorbeelde.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die nodige vaardighede in dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems te toon en sy begrip en benadering tot bouerekende aansienlik verbreed het
- duidelik gedragspatrone openbaar wat tipierend van 'n professionele bouerekenaar is
- 'n kritiese benadering demonstreer tot die kwaliteit van inligting ten opsigte van werkstekeninge.

BKF404/DQF404* (16 krediete)

Complekse items: Dissektering, spesifisering en kwantifisering van prosesitems i.t.v. ambagitem-definiering t.o.v.: verbouings, fondamentpale, grondankers, spesiale fondamentkonstruksies; vals grondvloerkonstruksies van hout en beton; komplekse kelderkonstruksies, onderbouwerk en skoring; saamgestelde kort- en langspan strukture van in-situ beton, trog-, geribde- en holblokkblaaie, blokbeton, staal, hout, ens.; beton skulp-, boog-, koepel- en sirkelvormige konstruksies; spesiale langspan-, boog- en koepeldakkonstruksies; spanningstrukture; klipwerk, waterdigting en klederkonstruksie, ens.; gordynmure en spesiale bekledings; spesiale plafonwerk, afwerkings, deure, vensters en toebehore; elektriese werk; meganiese werk; terreinwerk en terreindienste.

Praktykstelsels: Teoretiese grondslae, samestelling en gebruik van kwantifiseringstelsels vir klein en groot konstruksiewerke. Riglyne vir die gebruiksinterpretasie daarvan met enkele voorbeelde ter illustrasie. Teoretiese verwysingsraamwerk vir stelselhantering.

Dokumentering: Dokumenteringsteorie t.o.v. meetsisteme; ekserpeer- en lyswerk onder die verskillende meetsisteme. Voorbereidsels, spesifikasies en geïntegreerde dokumentasiebesorging. Rekenaarondersteunende dokumentasie; ekserpering, lyswerk, itemdatabanke, meetprosedures, driedimensionele perspektief en gerekenariseerde meetprosedures. Tekendokumentasie; rekenaar-sisteme, werking en gestandaardiseerde databanke. Geïntegreerde dokumentasienetwerke, lêer- en databasisstelsels. Geïntegreerde dokumentasie m.b.v. gerekenariseerde sisteme. Argitektisdokumentasie, Ingenieursdokumentasie en Bouerekenskundige stelsels. Toekomstige dokumenteringsperspektief.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die nodige vaardighede in die dissektering, spesifisering en kwantifisering van geboue te toon en duidelike gedragspatrone openbaar wat van 'n bouerekenaar verwag word
- se begrip en benadering tot bouerekende 'n duidelike professionele vlak in die algemeen bereik het.

BKI402/MCI402* - Bestuur van Inligting- en Kommunikasiestelsels (8 krediete)

Navorsingsmetodiek: Rol en plek van navorsing, tipes navorsing, navorsingsmetodiek, -bronne en verslae. Die saamstel van 'n navorsingsverslag.

Inligtingsbestuur: Inligting, data en datakommunikasie. Databasisteorie, dataonafhanlikheid, modelle van data. Lêer en databasisstelsels. Die databasisadministrateur en funksies. Geïntegreerde netwerk, rekenaarkommunikasie en inligtingsbestuur. Rekenaargrafika en -vermoëns.

Kommunikasie: Teorie en beginsels van kommunikasie. Mondelinge kommunikasie. Skriftelike kommunikasie en dokumentasie. Bedryfskommunikasie, inligtingbestuur in die konstruksiebedryf en eiendomsweese.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- onafhanklike navorsing te kan doen en probleme kan ondersoek gerig op oplossings
- 'n navorsingsverslag kan opstel, bevindinge kan maak en om aanbevelings te kan suggereer
- databasis te kan administreer en bestuur
- op professionele wyse verskillende hulpmiddels en wyses te kan gebruik tot effektiewe kommunikasie .

BKR306/CCM306* - Boukontrakreg (24 krediete)

Inleiding tot boureg: Kontrakreg- en handelsreggrondslae in die konstruksiebedryf: Boukontrakte, huurkontrakte, koopkontrakte, agentskappe, dienskontrakte.

Boukontrakte: Partye tot die boukontrak, tipes boukontrakte; struktuur en vorme, borge, interpretasie van boukontrakte, algemene boukontrakvoorwaardes in gebruik en dieper bestudering van standaard boukontrakklousules en -voorwaardes, die interpretasie en implikasie daarvan. Gebruiksaanwending van sekere standaard boukontrakte.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- basiese boukontrakreg te verstaan
- die fundamentele teorie van die boukontrakreg te ken
- interpretasies van boukontrakte te kan doen
- die partye tot 'n kontrak te kan lei tot die sluit van 'n sinvolle bou-ooreenkoms
- verskillende tipes boukontrak-tipes te kan implementeer
- die administratiewe prosesse van 'n bou-kontrak te kan hanteer.

BKS302/DQS302* - Beskrywende Kwantifisering (Projek) (8 krediete)

BKS302/DQS302* (8 krediete)

'n **Geïntegreerde projek** word gedurende die jaar deur die student gedoen onder voorskrif van die Departementshoof. Jaareindassessering word op 'n geïntegreerde en toegepaste wyse hanteer.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die nodige vaardighede van organisering, kwantifisering, dokumentasie en prys van hoeveelhedslyste van geboue te bemeester het
- finale rekeninge te kan opstel
- netjiese verslae ens. te kan opstel.

BOE104/COE104*, BOE204/COE204*, BOE304/COE304* en BOE404/COE404* - Bou-ekonomie

BOE104/COE104* (16 krediete)

Deel 1

Die argitek en die boukuns: Historiese perspektief, die mens en sy omgewing, die natuurlike omgewing, die stedelike omgewing. Oorsig van die argitektuurfilosofie en ekonomiese beginsels.

Ontwerpprondslae: Driedimensionele konsepte, hantering van omgewingsfaktore, grafiese voorstellingsmetodes, die gebruik van verskillende media soos vryhandsketse, teorie en toepassing van perspektiefbeginsels by argitektoniese aanbiedings.

Ontwerpproses: Die ontleding van verbruikersbehoefes, ruimtebeplanning, vorm en perspektief, konsepplanne, skemaplanne, detailbeplanning en dokumentasietekeninge, die invloed op boukoste.

Konstruksie: Historiese perspektief, natuurlike boumateriale, gebousamestelling; strukturele elemente, afwerkings, deure en vensters, dienste. Konstruksieplanne. Tekentegnieke. Tekeninguitleg. Konstruksiekodes en ontwerpnorme. Plaaslike owerheidsbeheer. Die verband met boukoste en koste-norme.

Deel 2

Die beginsels van boukoste en pryse. Die teorie van kostebepaling, kostemaatstawwe en mededinging. Kontrakverkryging en bou-ekonomiese grondslae.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die basiese beginsels van konstruksie en ontwerp te verstaan
- die basiese materiale van 'n enkelverdiepingsgebou te kan spesifiseer
- verbruikersbehoefte te kan interpreteer in terme van konstruksie en ekonomie
- aanbevelings te kan doen t.o.v. die gebruike van verskillende boumateriale
- basiese tekenuitlegte te kan doen en konstruksiedetails kan teken
- die fundamentele beginsels van die boukoste, pryse, beplanning en kontrole te verstaan.

BOE204/COE204* (16 krediete)

Inleiding tot bou-ekonomie: Die omvang en ontwikkelings van Bou-ekonomie as 'n dissipline, die struktuur en funksionering van die bouindustrie. Die uitwerking van en samestelling van boukoste en faktore wat 'n invloed kan veroorsaak. Die teorie van beplanning en koste kontrole, interprofessionele skakeling en die ontwerpproses met spesifieke verwysing na optimale verbruiking van finansiële hulpbronne.

Bouprysekonomie: Algemene konsep van boupryse en hul samestelling. Berekening identifisering van oorhoofse koste. Die berekening van arbeidskoste en materiaal uitgawes van konstruksie items en elemente. Die konsep van wins, produktiwiteit, gebruik van materiaal en toerusting by bepaling van eenheidskoste. Die konsep van markprys en die implikasies. Die toepassing van eenheispryse in konstruksie. Rekenaargebruik en databanke. Bronne vir kwotasies en hul gebruike. Praktiese toepassings.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die basiese beginsels van bou-ekonomie en bou-omgewing te verstaan
- basiese beramings te kan doen
- elementêre hoeveelheidslyste te kan prys
- ondersteuning te kan lewer in die proses van boukoste.

BOE304/COE304* (16 krediete)

Die ontwikkeling, metodiek en toepassing van historiese en hedendaagse kosteberamingsmetodes wat in verskillende fases van 'n projek toegepas word.

Die praktiese aanwending van prysopgawes en gerekenariseerde databanke wat vir beramings benodig word.

Die finansiële implikasie en gebruik van verskillende kontrakprysaanpassingsklousules en hul indeksyfers. Kontrakbeheer, sertifisering en betalingsprosedures. Die samestelling van die finale rekening.

Die ontwikkeling, metodiek en toepassing van historiese en hedendaagse kosteberamingsmetodes wat in verskillende fases van 'n projek toegepas word.

Die praktiese aanwending van prysopgawes en gerekenariseerde databanke wat vir beramings benodig word.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die verskillende kosteberamings te kan toepas
- databanke en prysopgawes te kan aanwend
- kostebeplanning, kostebestuur, kostebeheer, sertifisering en betalingsprosedures te kan doen
- finale rekening te kan opstel.

BOE404 en COE404* (16 krediete)

Kostestudies en Normatiewe Beplanning

Kostestudies van geboumorfologie, elementele kostestudies en die kostegedrag van die vernaamste gebouelemente. Faktore wat ekonomiese ontwerpbeplanning beïnvloed. Boukoste-ontleding en kosteverspreiding tussen gebou-elemente en -komponente. Normatiewe beplanning en die toepassing van die beginsels van ekonomiese ontwerpbeplanning om binne ruimte- en kostenorme te bly.

Lewensikluskostes en boukoste-indekse

Die uitvoer van vergelykende kostestudies van ontwerpalternatiewe deur middel van lewensiklus koste-analises. Die faktore wat die akkuraatheid van die analises bepaal. Verbetering van die betroubaarheid van lewensikluskoste-resultate deur middel van sensitiviteitsanalises. Die eienskappe van en aspekte om in ag te neem tydens die samestelling van verskillende boukoste-indekse. Die verskillende toepassings van indekse en die ontleding van tydreëke en eskalاسie van beramings tot by kontrakvoltooiing. Die gebruik van elektroniese indeksdatabasisse.

Risikobestuur

Die ontleding, beplanning, bestuur en geldwaarde van risiko's. Monte Carlo simulاسies en ander sensitiviteitsanalises wat projekbestuurders in staat stel om die wiskundige waarskynlikheid van sukses vas te stel met betrekking tot voorgestelde besluite onderhewig aan onsekerheid en risiko's. Faktore wat lei tot die mees gunstige en winsgewende uitkomstes. Besluitnemingsanalises en die gebruik van rekenaarprogramme vir risikobestuur.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- die vermoë te hê om op die argitek se sketsplanne te kan identifiseer waar besparings moontlik is
- die doel en toepassing van normatiewe beplanning begryp en kan gebruik om ekonomiese ontwerpe daar te stel
- die belangrikheid van lewensikluskoste-analise (hele-lewe waardasie) begryp en kan toepas as besluitnemingshulpmiddel wat objektiwiteit in die besluitnemingsproses verbeter
- risiko's te kan ontleed en bestuur.

BOW204 en BOW304- Bouwetenskap

BOW204 (16 krediete)

(Kyk sillabus by Argitektuur.)

BOW304 (16 krediete)

(Kyk sillabus by Argitektuur.)

BPK404/PPR404* en BPK514 - Beroepspraktyk

BPK404/PPR404* (16 krediete)

Prosesreg en -prosedure: Inleiding tot prosesreg; strafprosesreg, burgerlike prosesreg en bewysleer. Die SA geregshof; landdroshof, hooggeregshof en hof vir klein eise. Hofprosedures en verteenwoordiging. Bewysleer in die landdroshof en hooggeregshof. Algemene beginsels van burgerlike prosesreg in die hof vir klein eise, landdroshof en hooggeregshof. Praktiese werk t.o.v. hofprosedure.

Bemiddeling en arbitrasie: Bemiddeling as regsproses. Alternatiewe geskilbeslegtingsprosedure. Arbitrasie: Beginsels en wet van toepassing op arbitrasie, partye, verhoor, toekenning, publikasie en koste. Praktiese werk t.o.v. arbitrasie en bemiddeling.

Dokumentasie: Die standaardboukontrak en tenderdokumentasie. Integrering van verskillende dokumente en verwantskap. Spesiale dokumente en klousules. Kontrakondertekening. Metodiek verbonde aan klousulewysigings en -toevoeging. Prosedures vir die saamstel van spesiale kontraktypes en -voorwaardes. Praktiese werk. Spesiale boukontraktypes vir spesifieke gebruike. Gevallestudies.

Praktyk: Die organisasie van die praktyk, wetgewing, statutêre rade en magte, beroepsliggame en samestelling. Gedragskodes, etiek, besoldiging, beperkende praktyke, beroepstoetrede en ondernemingsvorme. Toekomstige oriëntering.

Kantooradministrasie: Omvang van kantooradministrasie en praktykfunksies. Algemene bestuursfunksies, leiding en bestuurstyl. Praktykproduksie, koste, inkomste en administratiewe prosedures. Kontrole- en beheerfunksies. Kantoorfasiliteite. Skakelwerk, bemarking van dienste en dienskontrakte. Professionele aanspreeklikheid en -versekering. Gevallestudies. Toekomstige oriëntering en diens-integrering.

Die argitek in praktyk. Bestuur en administrasie in die argitek se werke en projekte. Dokumentasie en beginsels.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die rol van die prosesreg in die boubedryf te verstaan
- kliënte kan adviseer t.o.v. prosedures t.o.v. geskille en verskille
- bemiddeling te verstaan
- bydrae te kan lewer tot suksesvolle administrasie en bestuur van 'n professionele firma
- rekord te kan hou en data versamel en administreer t.o.v. die kantooropset van 'n professionele persoon
- die praktyk van 'n professionele onderneming te verstaan
- die beginsel van deeleienaarskap te verstaan
- tydbeplanning te verstaan en skedulering kan hanteer vanuit 'n professionele oogpunt.

BPK514 (16 krediete)

Vir sillabus kyk by BPK404.

Kommunikasie: Teorie en beginsels van kommunikasie. Mondelinge kommunikasie. Skriftelike kommunikasie en dokumentasie. Elektroniese kommunikasie. Onderhandelings tegnieke. Bedryfs-kommunikasie, visuele kommunikasie, geïntegreerde netwerkstelsels en inligtingbestuur in die konstruksiebedryf en eiendomswese. Toekomstige tendense, ontwikkeling en moontlikhede.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die rol van die prosesreg in die boubedryf te verstaan
- kliënte te kan adviseer t.o.v. prosedures t.o.v. geskille en verskille
- bemiddeling te verstaan
- bydrae te kan lewer tot suksesvolle administrasie en bestuur van 'n firma
- rekord kan hou en data versamel en administreer t.o.v. die kantooropset van 'n professionele persoon
- die praktyk van 'n argiteksonderneming te verstaan
- die beginsel van deeleienaarskap te verstaan
- tydbeplanning te verstaan en skedulering kan hanteer vanuit 'n professionele oogpunt.

BRF214 - Bestuursrekeningkunde

(Kyk Jaarboek Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)

BRS111 - Basiese Rekenaargeletterdheid (4 krediete)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

BSC204* en BSC304* - Bouwetenskap

BSC204* (16 krediete)

Die volledige konstruksie van 'n enkel- en meerverdieping geboue: Fondamente en substrukture vir lasdraende en geraamde strukture; basiese betonraamwerke; mure; plat en hellende dakke; vloere, waterdigting van vloere, trappe; vensterreekse, deurtipes; gebruike van slotte; patente toebehore en metaalwerk, diensuitlegte vir enkel en meerverdieping strukture.

Beginnels vir klimaatgeoriënteerde ontwerp.

Werkstekeninge: Dubbelverdieping geboue met kelders.

Gevorderde bouwetenskap: Gevorderde konstruksieprobleme; integrasie van verskillende sisteme; restourasie en algemene konstruksieprobleme.

Komplekse bouprojekte, hoë geboue, langspanstrukture, komplekse fasade-ontwerpe bv. gordynmure, onderhoud en lewensiklusse, ontwerp en konstruksie van interne afskortings, oorweginge, strukturele implikasies en probleme, spesiale dakkonstruksies en dakafwerkings, materiale, waterdigting, patente en nie-patente bevestigings, materiale, keuses, spesiale gebruike, ens.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- 'n volledige stel werkstekeninge vir 'n basiese gebou te kan opstel
- geboue t.o.v. klimaat te kan oriënteer
- gevorderde konstruksieprobleme te kan oplos en die oplossings kan kommunikeer deur tekeninge en verduidelikings
- meer komplekse konstruksie-oplossings te verstaan en implementeer
- verskillende konstruksie- en materiaalgebruike en oplossings te kan voorstel en kommunikeer.

BSC304* (16 krediete)

Meerverdiepingstrukture; skoring, onderbouwerk en kelderkonstruksies, strukturele staalwerk, saamgestelde strukture.

Materiaalkunde: hout, beton, glas, metale, plastiek, petro-chemies en verwe, boukomponente, bv. dakligte, keermure, lae kostebehuising,

Werkstekeninge: Meerverdiepingstrukture.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die spesifikasie van 'n bouprojek te verstaan en kan opstel asook sekere werkstekeninge kan doen op hierdie vlak.

(OORBRUGGINGSMODULES)

DQF116* - Inleiding tot Konstruksiewetenskappe

DQF116* (24 krediete)

Inleiding tot die konstruksiewetenskap gemik op die volgende breë vakgebiede:

Konstruksiewetenskap: Algemene beginsels van materiale en konstruksie van enkelvoudige geboue.

Bouerekenkunde: Die teorie en beginsels van beskrywende kwantifisering en kontrakdokumentasie.

Terreinbestuur: Algemene teorie en beginsels van terreinadministrasie en bestuur. Arbeid, toerusting en materiaalhantering.

Boukontrakte en prosedures: Basiese beginsels van boukontrakte en prosedures.

Bou- en konstruksie-ekonomie: Basiese beginsels van beramings, pryse en sertifisering.

Inleiding: Inleiding tot eiendomsontwikkeling.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die basiese beginsels van bouwerk te verstaan
- elementêre tekeninge te kan interpreteer
- areas, lengtes en volumes te kan bereken
- eenvoudige items en elemente van 'n gebou te kan prys.

EBE112 en EBE122 – Business English (8 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Geesteswetenskappe)

EFB404/PFM404* - Eiendomsfasiliteitebestuur (16 krediete)

Omvang, funksie, tegnieke, prosedures. Finansiële vooruitskouings en begrotings. Huurkontrakte, huurdersamestelling, waardasies en markassessering.

Herontwikkelings, kapitaal aanwending en -trusts, -risiko's, -waardasies en -assessering.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- fasiliteitebestuur ten opsigte van omvang, funksie, tegnieke en prosedures te verstaan
- finansiële vooruitskouings en begrotings te kan doen en beheer
- huurkontrakte, huurder- en huursamestelling, waardasies en markassessering te verstaan
- herontwikkelings en kapitaal aanwending te verstaan.

EKN114, EKN124 en EKN314 - Ekonomie (16 krediete elk)
(Kyk Jaarboek, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.)

**END104/PDE104*, END204/PDE204*, END304/PDE304*,
END404/PDE404* - Eiendomsontwikkelingsekonomie**

END104/PDE104* (16 krediete)

Inleidende perspektief oor projekontwikkeling en -bestuur: Die funksies en elemente van bestuur binne die projekomgewing en -omvang.

Inleidende perspektief: Definiëring van eiendom, vaste eiendom, grond, grondbesit, ontwikkeling en die eiendomsontwikkelingsproses. Eiendomsontwikkelingsekonomie as vakwetenskap. Die eiendomsbedryf; samestelling, funksionering en beroepsoriëntering. Eiendomsontwikkelingsbestuur en loopbaangeleenthede. Kurrikulering, vakbeskouing, kurrikulumbeplanning, studie- en leermetodes.

Historiese ontwikkelingsperspektief: Ontwikkelingskunde en vaste eiendom. Historiese perspektief van die ontwikkelingsverloop. Die mens en ontwikkeling; fisiese, tegnologiese, sosiale, ekonomiese en staatkundige ontwikkeling.

Ontwikkelingsgeskiedenis van Afrika en Suid-Afrika: Prehistoriese en vroeë beskawings, koloniale era, bevrydingsera. Kulturele nalatings, ontwikkelingspeil en vaste eiendom.

Vaste eiendom en ontwikkeling: Rol en plek van vaste eiendom in die ontwikkelingsgeskiedenis; oorsig van prehistoriese en antieke beskawings, vroeg-Christelike en Middeleeuse periode, die Renaissance tot 20ste eeu. Boukuns, konstruksie materiale, -metodes en ontwikkelingsisteme.

Eiendomsontwikkelingsekonomie - vakwetenskaplike perspektief: Rol van vaste eiendom in ontwikkeling en ekonomie. Vakvertakkinge.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- basiese begrippe en funksies van bestuur en projekbestuur te ken en verstaan
- basiese teorie van eiendomsontwikkeling te ken en verstaan
- begrip te toon vir eiendom as beleggingsalternatief
- die ontwikkelingsverloop en rol van eiendom oor die geskiedenis heen te ken en verstaan
- die rol van eiendom vir die ekonomie te verstaan.

END204/PDE204* (16 krediete)

Grondontwikkelingsekonomie:

Inleidende perspektief: Eiendomsseksonomie as vakwetenskap. Inleidende oorsig oor eiendom, die eiendomsontwikkelingsproses, grondbesit en -administrasie.

Nasionale ontwikkelingsperspektief: Inleiding tot nedersettingsteorie, die ontstaan en groei van dorpe, stede en streke, ontwikkelingsproblematiek, staatkunde en ontwikkeling, owerheidsbeheer oor die ontwikkelingsproses; grondbesit en -administrasie, streeksontwikkeling en gemeenskapsontwikkeling. Internasionale perspektief. Problematiek.

Plaaslike ontwikkelingsperspektief: Stedelike morfologie, uitleg, struktuur, struktuurverandering, groeipaaië, informele strukture, problematiek en plaaslike owerheidsbeheer. Nasionale tendense. Streekowerhede, plaaslike owerhede, verstedeliking en dorpsstigting. Eerste wêreld, derde wêreld en Afrika stede. Toekomstige ontwikkelingstendense, -problematiek, beheer en beplanning.

Eiendomsseksonomie: Eiendomsware, die waardekonsep, grondopbrengsteorie, eiendomsproduksie en die ekonomiese kringloop. Eiendomsreg, tipes regte- en vestiging van eiendomsreg. Die eiendomsmerk; struktuur, funksionering, die prysmeganisme, marksiklusse, markpryse en -waardes. Eiendomsfinansiering; finansieringsbronne, -vorme en -markte. Inleiding tot eiendomsbelegging, finansiële wiskunde en die beleggingsproses. Die rol van eiendomsproduksie in die nasionale ekonomie; markvestigingspatrone, konstruksiemarkte en -bedryf, grondontwikkeling en owerheidsbeheer. Makro-eiendomsontwikkelingsperspektief.

Oorsig oor kritiek-baan analise en skedulering

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- die belang van eiendom in die plaaslike en nasionale ekonomie te verstaan
- die plek en rol van plaaslike ontwikkeling binne die nasionale ekonomie te verstaan
- eiendomsware, opbrengs, prys, belegging, produksie, finansiering en funksionering te verstaan

- die rol van eiendomsreg binne die eiendomsbedryf te ken
- die invloed van tyd en beplanning van tyd op eiendomsproduksie en opbrengs te verstaan.

END304/PDE304* (16 krediete)

Beleggingseconomie: Inleiding tot beleggingsteorie, beleggingsmarkte; belegging in effekte; fundamentele en tegniese ontledings. Belegging in vaste eiendom; beleggingsrigtings, kenmerke en gedrag. Finansiële wiskunde, opbrengsmetingstegnieke en toepassings. Kapitaal, inkomste, uitgawe en die saamstel van eenvoudige en komplekse finansiële gangbaarheidstudies. Opbrengskwantifisering en assessering. Die begrip markwaarde, tipes waardasies en waardasietegnieke. Waardasie problematiek. Beleggingsassessering; risiko en risiko-assessering. Gebruik en aanwending van gerekenariseerde databanke en gebruiksprogrammatuur vir beleggingsassessering en -besluitneming. Gevallestudies.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:

- beleggings in verskeie alternatiewe te kan evalueer en 'n gangbare keuse uit te oefen
- basiese kennis te besit van finansiële eiendoms-wiskunde, die toepassing daarvan en vergelyking met alternatiewe.

END404/PDE404* (16 krediete)

Ontwikkelingseconomie:

Inleidende perspektief: Omvang van ontwikkelingseconomie. Makro-ontwikkeling, mikro-ontwikkeling en die eiendoms-pakket.

Uitvoerbaarheidstudies: Doel, tipes, metodiek en aanwending. Marknavorsingsmetodiek, -prosedures, finansiële studies, residuele grondwaardasies, grondopbrengsteorie, ontwikkelingsomvang en uitvoerbaarheidsassessering. Ontwikkelingsbegrotings.

Beplanning: Beplanningstudies, -stadia en -prosedures. Ekonomiese en waarde-studies. Finansiële ontwerpmaatstawe en koste-ekonomie.

Bestuur: Gevallestudies. Gerekenariseerde programmatuurhantering. Operasionele analise: Toepassing van wiskundige tegnieke vir besluitneming tydens uitvoerbaarheid, beplannings- en projek-bestuursfases.

Ontwikkeling: Ontwikkelingskenmerke, prosedures, tegnieke, risiko en gevallestudies t.o.v. kommersiële, nie-kommersiële en grootskaalse ontwikkelings. Dorpstigting en -ontwikkeling. Derde wêreld ontwikkelings. Internasionale tendense en gevallestudies. Problematiek en mark-tendense. Gerekenariseerde databanke en programmatuurhantering.

Ontwikkelingsekonomiese perspektief: Mikro-ontwikkeling, makro-ontwikkeling, owerhede, politieke sisteme, internasionale tendense en -markte. Problematiek. Afrikastudies. Toekomstige tendense en uitdagings. Geïntegreerde rekenaarsistels, -grafika en besluitneming.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student:

- die finansiële uitvoerbaarheid van projekte volledig te kan dokumenteer en 'n ingeligte besluit daaroor te kan neem gebaseer op die ontleding
- die eiendomsontwikkelingsproses te verstaan
- te kan onderskei tussen die verskillende kommersiële eiendoms-moontlikhede en die verskil tussen kommersiële en nie-kommersiële ontwikkelingsmoontlikhede.

EWP404/PVP404* - Eiendomswaardasiepraktyk (16 krediete)

Tipes waardasies en hoe dit in die praktyk toegepas kan word. Metode van die saamstel van elke tipe waardasie, regsaspekte t.o.v. registrasiemetodes van eiendomme, deeltitels, tyddele, aandeelblok skemas en behuisingsskemas.

Die teorie van waardasie, waardasiepraktyk en tegnieke. Die beginsels van eiendomswaardasie en tegnieke, waardasiesistels, data en inligtingsbronne.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student:

- eiendom te kan waardeer deur gebruik van verskillende metodes
- die regsaspekte wat die waarde van eiendom bepaal, te ken en verstaan
- die teorie van waardasie te ken en verstaan
- die inligtingsbronne t.o.v. waardasie te ken en kan gebruik in die waardasiepraktyk

EOK404 - Eiendomsekonomie (16 krediete)

Inleiding tot eiendomsontwikkelingsproses, die omvang en historiese ontwikkeling van bou-ekonomie as vakwetenskap, die samestelling van boukoste, boukosteberamings, kostedata en -indekse, kostebeplanning en -kontrole tydens alle stadia van 'n bouprojek, ontwerpeconomie, kostemodellering en bourekenkundepraktik. Inleiding tot eiendomsbelegging, die eiendomsmark, eiendomsreg en deel-regte, eiendomsfinansiering, -markte en finansiële wiskunde, finansiële gangbaarheidstudies, projek-uitvoerbaarheidstudies, -begrotings, -beplanning en -bestuur, projekbeplannings- en kontroletegnieke, beplanningseffektiwiteit en ontwikkelingskenmerke van die vernaamste eiendomssubmarkte. Die rol en plek van vaste eiendom in die nasionale ekonomie.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die eiendomsontwikkelingsproses te verstaan
- die finansiële wiskundige proses te kan verstaan om alternatiewe met mekaar te kan vergelyk
- die verskillende beramingsmetodes te verstaan
- die finansiële gangbaarheidstudies en projekuitvoerbaarheidstudies te kan verstaan
- die risikos van belegging te verstaan.

FSK112 - Fisika (8 krediete)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

GAD104, GAD204, GAD304 en GAD404 - Grondadministrasie

GAD104 - Grondadministrasie (16 krediete)

Inleidende perspektief: Grondadministrasie as vakwetenskap; rol en funksie binne die eiendoms-bedryf; beroepsoriëntering.

Grond en fisiese verhoudings: Die heelal, planetêre stelsel, aarde, see, lug en grond. Geomorfologiese eienskappe van grond. Kontinente, seestrome, winde, klimatologiese en atmosferiese invloede op grond.

Grond en die mens: Grond en die mens; fisiese verhouding. Grondbesetting op aarde, vestigingspatrone, wêreldstreke, -state en -nasies. Ruimtelike interaksie: landelike omgewing, streke en stede. Demografiese eienskappe van wêreldbevolking: konsentrasies, groei, digtheid, verstedeliking.

Grondadministrasie: Grond, grondbesit en staatkunde. Internasionale reg en regsbeheer. Nasionale grondbesitinstellings, owerheidsbeheer en staatkunde. Owerheidsreg en vlakke van beheer. Grond-administratiewe proses, sisteem, problematiek en uitdaginge op nasionale en internasionale vlak. Grondgebruiksbeplanning, besit en beheer as interaktiewe stelsel.

Kartering: Grondkaarte, -kartering en interpretasie.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student 'n grondige kennis te hê van:

- die heelal, die planetêre sisteem, die aarde, die see, lug en grond
- die fisiese verhouding tussen die mens en grond
- grondkaarte, kartering en interpretasie.

GAD204 - Grondadministrasie (16 krediete)

Grondadministrasie op sentrale vlak: Historiese evolusie van grondeienaarskap in Suid-Afrika. Die Staat, grond en konstitusionele reëlins. Die Staat en privaat grondeienaarskap. Die staatsbeheer oor grondgebruik, nasionale grondaanwendingsbeleid, statute en administratiewe prosedures. Beleid met betrekking tot die oordrag van grondeienaarskap. Grondbeheersisteme: Landmeetkunde, praktik, landkaarte, kartering en prosedures. Die Landmeter-Generaal kantoor. Aktes, akteskantoor, die Registrateur van Aktes, kontrolesisteme. Die grondbeplanning en kontrolesisteem op sentrale vlak in perspektief. Probleme rondom grondeienaarskap, grondregte en onteiening.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student in staat te wees om:

- kennis van wette in administratiewe situasie te kan aanwend
- effektief te werk as lid van 'n span in 'n multi-dissiplinêre omgewing binne die beboude omgewing.

GAD304 - Grondadministrasie (16 krediete)

Grondadministrasie op streeks- en provinsiale vlak: Statutêre magte van Streeksregerings met betrekking tot grond en die gebruik van grond. Funksionele verhoudinge tussen die sentrale en streeksregerings. Die staatsfunksies met betrekking tot grondeienaarskap en kontrole op streeksvlak. Definisie van streeks-, stedelike en stedelike-landelike oorgangsruimtes. Streeksbeplanning, beginsels en prosedures. Bepalings en prosedures onder statute. Die ekonomiese uitdagings met betrekking tot streeksbeplanning. Dorpsstigting en dorpsbeplanningsprosedures op streeksvlak. Die grondbeplanning en kontrolesisteen op streeksvlak in perspektief.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student in staat te wees om:

- om basiese en gespesialiseerde kennis van streekbeplanning en ontwikkeling toe te pas om streekbeplanningprobleme op te los, te beredeneer en om alternatiewe te evalueer.
- om die impak, risiko en voordele van streekontwikkelingsvoorstelle te evalueer, om 'n oordeel te kan fel gebaseer op kennis en om as bestuurder te kan optree.

GAD404 - Grondadministrasie (16 krediete)

Grondadministrasie op plaaslike vlak: Die omvang en definisie van stedelike grondgebruik. Beginsels en prosedures met betrekking tot stedelike grondgebruik en dorpsontwikkeling. Grondgebruiksones, digtheid, beplanning en kontrole. Die administrasie van stedelike planne. Statutêre beplanningsvereistes. Die implikasie van nasionale en streeksbeplanningsvereistes op plaaslike owerhede. Die omvang van plaaslike administrasie met betrekking tot grond- en eiendom. Probleme en uitdagings met betrekking tot stedelike ontwikkeling en administrasie; stedelike dinamika, verstedeliking, stedelike verval en vernuwing, stedelike verfraaiing, dienste, belastinge, verkeer, besoedeling, sosiale dinamika, ens. Funksionele verhoudinge van plaaslike regering met sentrale en streeksregerings met betrekking tot staatsgronde en eiendom, gemeenskapsontwikkeling, behuising en finansiële beleid. Die grondbeplanning en kontrolesisteen op plaaslike vlak in perspektief.

Grondadministratiewe sisteemontwikkeling: Integrasie van grondadministrasiesisteme op sentrale, streeks en plaaslike vlak. Gerekenariseerde databanke en inligtingsbestuur. Probleme, tendense, en ontwikkeling met betrekking tot grond, grondadministrasie, grondhervorming, grondontwikkeling, kontrole, finansies en regeringsbeleid. Perspektief op internasionale grondgebruik en administratiewe patrone. Praktiese projekwerk.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student in staat te wees om:

- 'n grondige kennis van grondgebruiksones en statutêre beplanningsvereistes te hê
- die praktiese tegnieke wat nodig is vir grondontwikkelingsprojekte te kan toepas.

GEO124, GEO314 en GEO324 - Geografie (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

GIP402/INP402* - Geïntegreerde Projek (8 krediete)

'n Geïntegreerde projek word gedurende die jaar deur die student gedoen onder voorskrif van die Departementshoof. Jaareindassessering word op 'n geïntegreerde en toegepaste wyse hanteer.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- gevorderde vaardighede in die volle spektrum van bourekenkunde / konstruksiebestuur te openbaar
- se begrip en benadering tot die volle spektrum van bourekenkunde / konstruksiebestuur 'n duidelike professionele vlak bereik het.

GKD214, GKD314 en GKD424 - Grondkunde (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek Deel 4)

GPB404/APM404* - Gevorderde projekbestuur (16 krediete)

Projekbestuursfunksies en beginsels. Die bestuur van tyd, tydskedulering en programmering, tydsbestuurtegnieke en tydkontroleringsstelsels. Die bestuur van projek koste, kosteverslaglewering en kostebeplanning en beheer. Ouditering van kostesultate. Interpretasie van finansies en finansiële verslae en data. Die beplanning en organisering van omvangsbesluitneming en ontwerpnorme-bepaling. Die bestuur van ontwerp beplanning en spesifikasie. Die voorstelling van kwaliteitsnorme, kwaliteitsbestuur en hantering van kwaliteit as produk, kommunikasie en kommunikasietegnieke ten opsigte van gevorderde projekbestuur en projekadministrasie.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- projekbestuur-teorie vanaf inspeksie tot voltooiing van die projek te ken en kan implementeer
- die rol van verskillende funksionaries binne projekontwikkeling te ken, verstaan en kan koördineer
- die bestuursfunksies t.o.v. suksesvolle projekuitkomst te ken en verstaan
- risiko-ontleding vir 'n projekvoorstel te kan doen en wel t.o.v. omvang, tyd, prys, opbrengs, hulpbronne, relatiewe gehalte, konstruksietegnieke en verkrygingsmetodes
- as projekbestuurder te kan optree binne praktiese beperkinge.

HRG114, HRG124 en HRG204 - Handelsreg (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit van Regsgeleerdheid)

HRG204 - Handelsreg (16 krediete)

Kontraktereg: Aard en funksies van die reg; algemene beginsels van kontraktereg, verbintenisreg en deliktereg.

Handelsreg: Die bestek van handelsreg; die verwantskap tussen handel en nywerheid; die algemene regsbeginne van eenmansake, vennootskappe, maatskappye, beslote korporasies en breë aspekte van handelstruists en belastingereg. Algemene beginsels van betaalmiddelereg en rekening-vereffening, insolvensiereg, versekeringsreg en dienskontrakte.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die algemene beginsels van kontraktereg te verstaan
- die bestek van handelsreg te verstaan
- die algemene beginsels van betaalmiddelereg te verstaan.

IGW102/EGS102* en IGW202/EGS202* - Ingenieurswetenskap

IGW102/EGS102* (8 krediete)

Historiese oorsigtelike perspektief van strukture:

Die daargestelling van ingenieursoplossings soos damme, brûe, kanale, silo's, spoorlyne, paaie en geboue vanaf die vroegste geskiedenis tot die 21ste eeu om die mens se behoeftes in sy natuurlike omgewing te vervul.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student:

- die historiese ingenieurswese te begryp en daaruit 'n perspektief te ontwikkel wat hom/haar in staat stel om met insig gesprek te kan voer met ingenieurs.

IGW202/EGS202* (8 krediete)

Die verduideliking van basiese strukturele beginsels soos toegepas in die oplos van komplekse strukturele probleme met verwysing na historiese gevalle.

Die gebruik van dienste in geboue en ander strukture onder andere elektrisiteit, lugversorging en menslike en goedere beweging met verwysing na historiese gevalle.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die basiese strukturele beginsels te kan toepas in die oplos van komplekse strukturele probleme
- die gebruik van dienste en gebou te verstaan en te evalueer.

KOF404 / CFN404* - Konstruksiefinansies (16 kedierte)

Kostebeheersisteme: Kostebeheerstelsels, algemene en spesifieke kostebeheer, standaardkoste en -beheerstelsels. Koste-allokering, boekhouding en die rekenkundige siklus. Die standaardkoste begrip, kostebeplanning en -beheer van arbeid, materiaal, toerusting, onderaannemers, diverse direkte en indirekte kostes op aktiwiteits- en prosessvlak.

Inkomste- en kontantbeheer: Voorbereiding van inkomste-eise, kontrakprysaanpassingsklousules, sertifisering en inkomstekontrolestate. Finale rekening en kontraktuele eise. Kontantvloei, -verloop en -beplanning.

Geïntegreerde koste- en begrotingsbeheer: Kostestate en projekpkoste, inkomste- en koste-versoening, koste- en kontantbegrotings en beheer. Debiteure, krediteure en kostebeheer. Rekenkundige datums en verantwoordelike kostebestuur. Verslaglewering: voorbereiding, interpretasie en besluitneming.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student:

- instaat te wees om 'n geskikte kostebeplanning en -kontrole sisteem te implementeer vir 'n konstruksieterrein
- in staat te wees om die finansiële administrasie vir 'n projek te hanteer en om kontantvloei te bestuur.

KWE204/CSC204*, KWE304/CSC304* en KWE404/CSC404* - Konstruksiewetenskap

KWE204/CSC204* (Deel I) (8 kedierte)

Landmeetkunde

Inleiding tot landmeetkunde: Die Opmetingswet, die Landmeter en Landmetergeneraal.

Kartering en kaarttrekke: Karteringsprosedures en kaarttrekke: Internasionaal, nasionaal, streke en plaaslike gebiede. Driehoeksmeting, bakens en verwysings. Aktes en grondregistrasie.

Grondpersele: Verwysings, kaarte, penne, boulyne en serwitute.

Opmeting: Vlakmetings en beginsels, maatbandmetings, nivellering, waterpashoogtes en kontoere. Teodoliet: Rigtings en afstande, koördinate. Trekmetings: Berekeninge en verbindings. Tagimetriese opnames, groottes en volumes.

Uitsit van bouwerk: Terreinplanne, verwysingspunte, grensafstande, vloerplanne, vertikale metings, kontrolestelsels.

Die landmeter: Funksies, aanwending, moderne toerusting, tegnologie en gerekenariseerde databanke.

Na suksesvolle voltooiing van die deel van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om basiese terreinopmetings en die uitsit van vlakke en geboue vir konstruksiewerk te doen.

KWE204/CSC204* (Deel II) (8 kedierte)

Struktuurleer

Inleidende struktuurleer: Doel en funksie van strukture, ontwerpbeginsels, ontwerpbenadering, materiale, materiaalkunde en gedrag.

Strukturele gedrag: Belastings, spannings, skuifkragte, buigmomente, swaartepunte, traagheids- en weerstandsmomente.

Strukturele materiale: In-situ beton, gewapende beton, voor- en nagespanne beton, staal, hout, plastiek, metaal, allooië.

Struktuurtypes, -onderdele en -materiaalgebruik: Konstruksiemateriaalaanwending, ontwerpbeginsels, empiriese reëls vir die bepaling van onderdeelgroottes en ekonomiese grense van aanwending

Ontwerpproedures: Benadering, riglynontwerp, ontwerpkode, veiligheid- en kwaliteitsbeheer. Ontwerpvoorbeelde van bepaalde struktuurelemente. Die strukturele ingenieur en sy dienste.

Na suksesvolle voltooiing van die deel van die module behoort 'n student:

- begrip te hê vir gewapende beton se funksie en belangrikheid in die samestelling van 'n gebou of groot konstruksieprojek
- die elemente waaruit 'n gewapende beton konstruksie bestaan te identifiseer en kwantifiseer.

KWE304/CSC304* (Deel I) Vir Bourekenkunde- en Konstruksiebestuurstudente en Argitektuurstudente (8 krediete)

Saniteit

Geboudiensbaarheid: Rol van plaaslike owerhede t.o.v. erfdiensbaarheid; toevoerdienste, afvoerdienste en funksionele beplanning.

Sanitêre toebehore: Tipes, kwaliteit, plasing, norme en ontwerpkode vir die bepaling van tipe en hoeveelheid.

Watertoevoer: Tipes pype, pypstelsels, pyponderdele, roetebepaling vir koue- en warmwaterstelsels, empiriese reëls vir die bepaling van pygroottes, ontwerpnorme en -kodes.

Sanitêre afvoer: Tipes pype, pypstelsels, pyponderdele, roetebepaling, empiriese reëls vir die bepaling van pygroottes, ontwerpnorme en -kodes.

Branddiens: Toebehore, pype, uitleg, roetes, ontwerpnorme en -kodes, vereistes.

Terreindienste: Retikulasie en uitleg, pype, pyptipes, toebehore, ontwerpnorme en -kodes, aansluitings en -geldebepaling t.o.v. waterafvoer, saniteit en watertoevoer. Integrering van waterafvoerstelsels: reënwater, stormwater en padkanale.

Plaaslike owerheidstelsels: Stormwaterstelsels, watervoorsieningstelsels, rioolstelsels en -suiwering. Eerste- en derdewêreld beplanningstelsels. Die saniteitingenieur en sy dienste.

Na suksesvolle afhandeling van die deel van die module behoort 'n student:

- begrip te ontwikkel vir die belangrikheid van gebouedienste in die konstruksie van projekte
- die elemente waaruit gebouedienste bestaan en hoe dit in die gebou pas te identifiseer en kwantifiseer.

KWE304/CSC304* (Deel II) Vir Bourekenkunde- en Konstruksiebestuurstudente en Argitektuurstudente (8 krediete)

Elektriese en meganiese dienste:

Elektriese dienste: Krag en beligting as gebruiksdiens. Beligting: geboubeplanning, oriëntering, ligintensiteit en ligtoebehore. Tipes ligtoebehore, plasing en intensiteitsvereistes. Bedrading, ontwerpkode, beginsels en prosedures.

Kragvoorsiening: Toevoervereistes vir bepaalde gebruike, bedrading, ontwerpkode, -beginsels en prosedures.

Stroombane: Interne verspreidingsnetwerke, geleiers en leipype, verdeelborde, toebehore, empiriese reëls vir bepaling van toevoervereistes, geleiergroottes, ontwerpnorme en -kodes, kwaliteitstandaarde, veiligheid en ontwerp-prosedures.

Telekommunikasie: Kommunikasiestelsel, toebehore, plasing, bedrading, ontwerpnorme en -kodes.

Energiegebruik: Empiriese reëls vir bepaling van verbruik, maatreëls vir energiebesparing. Gebruik van sonenergie en -verwarmingstelsels.

Tekeninge: Uitleg, simbole, integrering met argitekstekeninge; interpretasie en spesifikasies. Die elektriese ingenieur en sy dienste.

Meganiese dienste:

Natuurlike ventilasie, geforseerde ventilasie en klimaatreëling: Algemene ontwerpvereistes, -kodes en -prosedures. Tipes ventilasie en lugsuiweringstelsels; plasing, roetes, sentrale beheer-toerusting, ruimtetoedeling, empiriese reëls vir bepaling van lugvolumes, skaggroottes en aandrywingstelsels. Assessering van verskillende stelsels t.o.v. vermoëns, koste, energieverbruik en installasie.

Verhittingstelsels: Tipe stelsels, toebehore, sentrale aandrywing, pyproetes en -stelsels.

Vervoer: Hysers, hysbakke, vervoerbande, ens. Tipe stelsels, kapasiteit, energieverbruik, ontwerp-prosedures en empiriese reëls vir die bepaling van eenhede, grootte, kapasiteit, plasing en energieverbruik.

Verkoeling: Verkoelings- en vrieskamers; konstruksie, kapasiteit, gebruik, ontwerpvereistes en norme, empiriese reëls vir die bepaling van behoeftes.

Ander: Gebruik, konstruksie, ontwerp-beginsels en -norme t.o.v. kombuis en ander gespesialiseerde uitrusting.

Tekeninge: Uitleg, simbole, integrering met argitekstekeninge, interpretasie en spesifikasies. Die meganiese ingenieur en sy dienste.

Na suksesvolle afhandeling van die deel van die module behoort 'n student:

- begrip te ontwikkel vir die belangrikheid van gebouedienste in die konstruksie van projekte
- die elemente waaruit gebouedienste bestaan en hoe dit in die gebou pas te identifiseer en kwantifiseer.

KWE404/CSC404* (16 krediete)

Swaar ingenieurskonstruksies en -prosedures: Algemene konstruksiebeginsels, ontwerpbeginsels, tekeninge, algemene beginsels t.o.v. itemspesifisering en hoeveelheidkwantifisering soos van toepassing op die onderstaande dissiplines:

- A. Sivil:** Paaie en brûe, spoorlyne, damme, hawemure, tunnel- en skagkonstruksies, riool- en wateraanlegte, behandeling van nywerheidsafval, konstruksiewerke by myne, energie-opwekkingsinstallasies e.a. ingenieursstrukture.
- B. Meganies:** Pypaanlegte, skagwerk en ondersteuningsstrukture, materiaalhanteringsinstallasies, verhitings-, verkoelings- en lugswiweringsinstallasies, isolasies, prosesingenieurstoerusting, brandbestrydingstelsels, olie- en gasaanlegplatforms, verwante bou- en konstruksiewerke.
- C. Elektries:** Kragopwekkers, hoog-, medium en laagspanningsverspreidings en aansluitings, verligting- en kragbedieningsinstallasies, instrumentasie, brandverklipping-, kommunikasie- en verhitingsstelsels, geassosieerde bou- en konstruksiewerke.

Ingenieurspraktyk: Inleiding tot ingenieurspraktyk. Die interpretasie van ingenieurstekeninge, -spesifikasies en -kontrakte. Ingenieurs-ontwerpprosedures, -kodes, koste-assessering en kwaliteitstandaarde. Dokumentasieprosedures en -besorging, tenderprosedures, projekadministrasie, -bestuur, -toesig en -beheer. Interprofessionele skakeling.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student:

- die nodige kontrakdokumentasie vir ingenieursprojekte saam te kan stel en ingenieurskontrakkoste te evalueer in al die ingenieursdissiplines.
- groot ingenieursprojekte te kan analiseer in terme van elemente om sodoende 'n kosteraming vir groot projekte saam te stel.
- die administratiewe prosesse van 'n ingenieursprojek te kan bestuur.

LEK124, LEK214, LEK314 en LEK424 - Landbou-Ekonomie (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek Deel 4)

LWL134 en LWL154 - Landbouwetenskapsleer (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek Deel 4)

LWR214, LWR314 en LWR424 - Landbouweerkunde (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek Deel 4)

OBS244, OBS134, OBS144 en OBS234 - Ondernemingsbestuur (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe.)

POB104/PQM104*, POB204/PQM204*, POB304/PQM304*, POB404/PQM404* - Produksie en Operasionele Bestuur

POB104 / PQM104* (16 krediete)

Kyk BKF104 / DQF104*

POB204 / PQM204* (16 krediete)

Kyk BKF204 / DQF204*

POB304 - Terreinbestuur (16 krediete)

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om 'n bouprojek op terrein te bestuur ten opsigte van arbeid, materiaal, veiligheid en sekuriteit en die aanwending van toerusting kan beheer en organiseer.

POB304/PQM304*

Terreinbestuur:

Inleiding tot boubestuur: Algemene bestuursbeginsels van toepassing op bouprojekte.

Terreinorganisasie en beplanning. Beplanning-, beheer- en kontroletegnieke van toepassing op bouprojekte.

Mannekragaanwending op die bouterrein. Skedulering, kontrole, prestasie-meting, statutêre ver-eistes, vergoeding en onderhoud.

Materiaalvoorsiening, -kontrole en -beheer op die bouterrein, met inbegrip van kwaliteitsbeheer en die meting van materiaalsterktes. Administratiewe elemente en beginsels van toepassing op die bouterrein. Die selektering, aanwending en gebruik van toerusting met inagneming van veiligheids-maatreëls.

Rekenaar. Rekenaarondersteunde boubestuur.

Bouershoeveelhede. Die omvang van bouershoeveelhede vorm die kern van meetwerk. Die standaardstelsel word gebruik om te kyk na meer ingewikkelde betonstrukture, staalstrukture, grondvloerkonstruksies, heipaalwerk, dienste en terreinwerk.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om 'n bouprojek op terrein te bestuur ten opsigte van arbeid, materiaal, veiligheid en sekuriteit en die aanwending van toerusting kan beheer en organiseer.

POB404/PQM404* (16 krediete)

Ondernemingsvorme binne die bou- en konstruksiebedryf. Die sake-milieu van die aannemers-onderneming; die mikro- en makro-omgewing, beperkende en stimulerende praktyke. Die organisasie van aannemersonderneming, struktuurvorme, taakverdeling en verantwoordelikhede van topbestuur, middelbestuur en uitvoerende personeel.

Projekselektering en markassessering. Die beplanning en kontrole van produksieportefeuljes met inbegrip van arbeidsaanwending en -skedulering.

Aankoop en beheer van materiaal en toerusting.

Personeelbestuur en -administrasie binne die aannemersonderneming. Die formulering van beleid, strategiese en taktiese beplanning op die korporatiewe- en middelbestuurvlakke. Ontwikkeling en oriëntering na gelang van veranderde tegnologiese, ekonomiese en politieke ontwikkeling. Die posisie en rol van die aannemer binne die georganiseerde boubedryf.

Rekenaar. Rekenaarondersteunde boubestuur.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om 'n konstruksiefirma te bestuur ten opsigte van produksie en alle operasies
- die ondernemingsvorme binne die bou- en konstruksiebedryf te verstaan
- die aankoop en beheer van arbeid, materiaal en toerusting te kan hanteer en bestuur

RBR104 - Rekeningkunde vir B.Sc.(Q.S.) en B.Sc.(Konstruksiebestuur) (16 krediete)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.)

RIS121 - Gevorderde rekenaargebruik (4 krediete)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

SIB712 - Siviele Ingenieurswese vir beplanners (16 krediete)

(Kyk inligting onder Stads- en Streekbeplanning)

SOS114 en SOS124 - Sosiologie (16 krediete elk)

(Kyk Jaarboek, Fakulteit Geesteswetenskappe.)

STK114 - Inleiding tot Statistiek I (16 krediete)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

STK124 - Inleiding tot Statistiek II (16 krediete)

(Kyk Jaarboek Deel 1)

WDK224, WDK314 en WDK414 - Weidingkunde (16 krediete elk)
(Kyk Jaarboek Deel 4)

WTW142 - Inleidende Calculus en Sterkteleer (8 krediete)
(Kyk Jaarboek Deel 1)

WYS114 en WYS124 - Wysbegeerte (16 krediete elk)
(Kyk Jaarboek, Fakulteit Geesteswetenskappe)

Sillabusse

Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur

Sillabusse Oopleer in Grond- en Eiendomsontwik- kelingsbestuur: M.G.E.B. (M.PROP.)

BEH704 - Behuising (16 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Deurlopende assessering.

Bespreek basiese begrippe, modelle, beleidsbenaderings, markelemente en implementerings-raamwerke. Behuisingsgeskiedenis. Wêreldtendense en die Suid-Afrikaanse behuisingbehoefte. Die verwantskap tussen behuisingstipes en grondwaardes asook die invloed van liggingsfaktore op behuising. Tipes behuisingkemas: erf en diens, opgradering en bemagtigingsbenadering.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- in staat wees om 'n behuisingprojekvoorstel voor te berei
- in staat wees om die menslike nedersetting ontwikkelingsstelsel en die skakeling daarvan met stads- en streekbeplanning te begryp

BGR704 - Beplanningsbestuur (16 krediete)

Blokkles soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Elemente van wetgewing met betrekking tot ruimtelike ordening, nasionaal, provinsiaal en plaaslik met die klem op die opstel, uitvoer en bestuur van die verskillende soorte planne en beleidsdokumente.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- grondige kennis te hê rondom die aspekte wat die vorm van stedelike gebied bepaal, die groepering van funksionele gebiede in ruimte te organiseer
- 'n grondige kennis te hê van beleid, planne en statutêre beheermaatreëls toepaslik op grondgebruik en die bestuur daarvan ten einde volhoubaar te ontwikkel

BOE704 - Bouekonomie (16 krediete)

Bou- en konstruksie-ekonomie, kosteberamingstegnieke en kostekontrolle van projekte. Ekonomiese ontwerpbeplanning en normatiewe beplanning.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- kosteberamings te kan doen en kostekontrolle oor die ontwikkeling van projekte te kan uitoefen.

- kostegedrag van gebouelemente te verstaan en hoe dit ontwerpeconomie beïnvloed.
- normatiewe beplanning kan gebruik om 'n projekbegroting daar te stel.

BSP702 - Stadsbeplanningspraktyk (8 krediete)

Blokklassse soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Grondgebruikopnames, kadastrale inligting - verwante ateljee en veldwerk. Gebruik van die rekenaar. Praktiese projekte en veldwerk (grondgebruik en sonering) verwant aan Teorie van Stadsbeplanning. Gekoppel aan GSP722.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort studente:

In staat te wees om basiese stadsbeplanningsbegrippe en tegnieke te kan verduidelik en te gebruik
In staat te wees om stadsbeplanningsteorie toe te pas soos wat ontwikkelingsproblematiek van projek tot projek verskil.

BTR704 - Inleiding tot Stadsbeplanningsteorie (16 krediete)

Blokklassse soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Inleiding tot die aard en wese van stadsbeplanningsteorie. Die rol van waardes en norme in teorie van stadsbeplanning asook die verandering van teoretiese denke vanaf produk na normatiewe denke. Teorie se invloed op die ontwikkeling van die stad en die omgewing.

Na voltooiing van die module moet studente:

- in staat wees om die rol van waardes en norme in Teorie van Beplanning te kan uitwys.
- in staat wees om die veranderinge in denke oor die wese en aard van beplanning aan te dui
- in staat wees om te onderskei tussen verskillende neigings in Teorie van beplanning
- in staat wees om die interaksie tussen teorie van Stadsbeplanning en kragte wat die eiendoms-mark beïnvloed te verstaan.

CCP702 - Konstruksiekontrakte, prosedures en verkryging (8 krediete)

Eiendomsbelegging verkryging en vestiging van eiendomsregte, eienaarskap, besitreg, onteiening, bankrotskappe en kontrakte.

Die wet op eiendomswaardasies, gevallestudies en die rol van die eiendomswaardeerder.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- Identifiseer verskillende tipes eiendomme met regte en beperkings
- Identifiseer die faktore en wette wat die waarde van eiendom beïnvloed

CIN702 - Konstruksie- en Landbou-ingenieurswese (8 krediete)

Gevorderde begripsontwikkeling ten opsigte van die rol, ontwerp, konstruksiemetodes, bestuur en verkryging van siviele, strukturele, meganiese en elektriese dienste ten opsigte van bouprojekte en landboudienste.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die belangrikheid van die tydige ontwerp van ingenieursdienste te verstaan en die nodige stappe te neem om die dienste vroegtydig te ontwerp.
- die verskillende ingenieursdienste wat by 'n projek benodig word te kan identifiseer en bestuur

CIN793 - Konstruksie- en Landbou-ingenieurswese (8 krediete)

Projekverkryging en ontwikkeling in siviele, meganiese, elektriese en landbou-ingenieursprojekte. Kostebeplanning en finansiering. Dokumentasie en gevorderde kostekontrakte en projekbestuur.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- die bestuur en verkryging van ingenieurskontrakte doeltreffend te kan hanteer
- die kostebeplanning, dokumentasie en finansiering suksesvol te kan bestuur

DPR702 - Dispuut Resolusie (8 krediete)

Klousules wat kontrakbreuk hanteer en dispuut resoluusie ten doel het. Verskillende geskilbeslegtingsmetodes, howe, arbitrasies, bemiddeling, vredestitgting, kommunikasie en bestuur van geskille.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- as arbiter, tussenganger en geskilbereddenaar te kan optree
- klousules wat geskille hanteer te kan opstel en interpreteer
- hoëvlak advies te kan bedien aan instansies betrokke by kontrakgeskille

END704 - Eiendomsontwikkeling (16 krediete)

Gevorderde eiendomsontwikkelings economie

Die teorie van eiendomsontwikkeling, eiendomsontwikkeling as wetenskap, eiendom as bate en waarde van eiendom, eiendomswaardasie as element van eiendomsontwikkelings en selektering, die eiendomsontwikkelingsproses. Die teorie van eiendomswaardasie, eiendomsreg en eiendoms-
ekonomie.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die teorie van eiendomsontwikkeling op gevorderde vlak te ken en verstaan en te kan hanteer.
- eiendomswaardasie-teorie en -praktyk te ken en toepassingsvelde kan bepaal en ontleed.
- begrip van eiendomswaardasies ontwikkel het en die rol wat waardasie van eiendom in die eiendomseconomie te kan deurgrond.

END793 - Eiendomsontwikkeling (16 krediete)

Eiendomsontwikkelingsekonomie, finansiering, bemaking en fisiese ontwikkeling van projekte. Projekselektering, uitvoerbaarheid- en gangbaarheidstudies. Gevorderde eiendomsontwikkelingsberekeninge, -rekenkunde en finansiële wiskunde.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort 'n student op 'n gevorderde vlak:

- die finansiële uitvoerbaarheid van projekte volledig te dokumenteer en 'n ingeligte besluit daaroor te kan neem
- die eiendomsontwikkelingsproses te verstaan en in staat te wees om die totale proses teoreties deur al sy fases te kan voer.
- te onderskei tussen die verskillende kommersiële eiendomsmoontlikhede en die verskil tussen kommersiële en nie-komersiële ontwikkelingsmoontlikhede

END792 - Skripsie: Eiendomsontwikkeling (32 krediete)

'n Geïntegreerde navorsing- en praktiese-projek insluitende 'n artikel van 'n student se keuse gebaseer op 'n verpligte module.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- onafhanklike navorsing te kan doen en probleme kan ondersoek gerig op oplossings
- navorsingsverslae te kan opstel
- die volle spektrum van eiendomswese te kan hanteer en toe te pas in 'n navorsingsprojek

ENW793 - Eiendomswaardasie en bestuur (16 krediete)

Gespesialiseerde waardasies en toepassing in praktyk. Gevorderde eiendomsreg en reg ten opsigte van registrasiemetodes in die Eiendomswetenskap. Die teorie en beginsels van eiendomswaardasies, eiendomsreg, eiendomseconomie, data, inligtingsbronne, ens.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- gespesialiseerde waardasies op praktiese wyse te kan ontleed, hanteer en uitvoer
- die invloed van die reg op eiendomseconomie en die waardasie van eiendom te verstaan en interpreteer en toepas

GKD708 - Landassessering (32 krediete)

Grond en klimaat se rol in die omgewing. Kwaliteit, besoedeling en klassifikasie van grond en klimaat. Klimaatstreke en klimaatsindekse (ingesluit ENSO). Impak van stedelike bedrywighede op die kwaliteit van grond en die atmosfeer. Stedelike landbou. Assessering van die omgewing (grond en klimaat). Databasise (kaarte, verslae en memoirs).

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om die hoofteorieë in grondkunde en landbouwerkunde toe te pas
- die landtipe databasis te interpreteer om die geskiktheid van 'n lokaliteit of streek vir eiendomsontwikkeling te evalueer.

GSP702 - Gevorderde Stadsbeplanningspraktyk (8 krediete)

Blokkles soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Soorte planne en die opstel van stadsbeplannings voorstelle. Planassessering en voorlegging van ontwikkelingsaansoeke. Gekoppel aan BSP712.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort studente:

- in staat wees om gevorderde stadsbeplanningsbegrippe en tegnieke te kan verduidelik en te gebruik.
- in staat wees om stadsbeplanningsteorie toe te pas soos wat ontwikkelingsproblematiek van projek tot projek verskil.
- in staat wees om moderne neigings in stadsbeplanning te kan toepas.

ISR702 - Inleidende Studies in Streekbeplanningspraktyk (8 krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Deurlopende assessering.

Inleiding tot die praktyk van streekbeplanning. Geskiedenis van streekbeplanning internasionaal soos toepasbaar op Suid-Afrika.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- 'n grondige kennis te hê van streeksbeplanningsinisiatiewe en in staat wees om hierdie kennis toe te pas.

LEK720 - Omgewingsekonomie (8 krediete)

Ekonomiese assessering van die omgewingsimpak van ontwikkelingsprojekte. Aspekte waarvoor aandag gegee word sluit in: eiendomsregte, eksterneiteite en omgewingsprobleme, mark- en owerheidsmislukkinge en optimale gebruik/bestuur van natuurlike hulpbronne en die omgewing.

Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- toepaslike teoretiese begrippe, metodes en tegnieke te verduidelik en te demonstreer. Dit is daardie metodes en tegnieke wat nodig is om die ekonomiese en omgewingsimpakte van ontwikkeling op volhoubaarheid van natuurlike hulpbronne te gebruik en die omgewing aan te toon
- omgewings en natuurlike hulpbronne, ekonomiese tegnieke en vaardighede toe te pas in die oplos van praktykprobleme in die eiendomsontwikkelingsbedryf.

LEK793 - Grondwaardering en Besigheidsplanne (8 krediete)

Die verskillende maniere van grondwaardering verstaan. Faktore wat grondprys beïnvloed en die rede daarvoor sal bespreek word. Die verskillende tipes grondwaardes sal hanteer word asook die redes vir die verskille. Kennis opdoen oor die opstel van besigheidsplanne vir ontwikkelingsprojekte.

Na voltooiing van die kursus sal die student in staat wees om die volgende vaardighede te demonstreer:

- om die faktore wat die prys van grond beïnvloed, te kan demonstreer.
- om verskillende metodes/maniere in die waardasie van grond (landbou en industrieel) aan te wend.
- om 'n besigheidsplan vir 'n besigheidsonderneming van keuse op te stel.

LSF793 - Lewensiklus-koste en fasiliteit-assessering en bestuur (8 krediete)

Die teorie van lewensiklus-koste. Berekening ten opsigte van lewensiklus-koste, assessering en ontleding van koste- en prysdeterminante. Die bestuur van die effek van bedryfskoste en finansieringskoste op die lewensiklus van 'n eiendomsprojek.

Fasiliteitassessering, beplanning, bestuur en beheer van koste ten opsigte van alle eiendomsfasiliteite. Die invloed van onderhoud, arbeid, materiaal en hulpbronne.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- in staat te wees om 'n onderhoudsinspeksieverslag te kan opstel en 'n onderhoudsprogram te ontwerp vir verskillende geboue.
- lewensiklus-koste te ontleed as 'n hulpmiddel vir effektiewe ontwerp en onderhoudsbeplanning.

NLE793 - Toegepaste wildplaasbeplanning (16 krediete)

Basiese ekologiese, fisiologiese en fenologiese kennis van die plantegroei. Kennis van wildspesies, hul sosiale gedrag, habitat- en weivooreure. Tegnieke om die hulpbron (habitat) te evalueer. Identifisering van bestuurseenhede en die bepaling van weidingkapasiteit. Vereistes betreffende omheining en infrastruktuur.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- kennis te hê van ekologiese wildboerderygebiede en ekosisteem/habitat eienskappe.
- vertrouwd te wees met bevolkingsdinamika van wild, insluitend kennis van wildspesies, hul sosiale gedrag, reproduksie, habitatvooreure en dieetseleksie.
- te beskik oor 'n basiese kennis van tegnieke om primêre produksie, veldtoestand en die weidingkapasiteit van die graslaag en boomlaag te bepaal.
- kennis te hê oor fisiese wildplaasbeplanning soos omheiningsvereistes, hanteringsgeriewe, minimum plaasgroottes, watervoorsiening aan wild en aspekte van konsumptiewe en nie-konsumptiewe wildbenutting.

OGG704 - Ontwikkelingsbeplanning (16 krediete)

Blokklassie soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Bestudering van die problematiek van ontwikkelende gemeenskappe en die verskillende ontwikkelingsmetodes soos wêreldwyd toegepas. Toepassing van bogenoemde in die eiesoortige Suider-Afrikaanse konteks. Gevallestudies met gemeenskapsdeelname.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- 'n grondige kennis te hê van die drie vlakke van regering t.o.v. ontwikkelingsbeplanning en beheer om die uitwerking van filosofiese en teoretiese waardes daarop te evalueer
- in staat te wees om konsepte, idees, teorieë effektief met individue en gehore te kommunikeer soos om inligting te verskaf wat binne ander dissiplines deur individue of groepe gebruik kan word.

PPY702 - Professionele Praktijk (8 krediete)

Professionele dienste as sake-onderneming. Wette en regulasies wat professies raak. Etiek en etiese gedragskodes, kommunikasie tussen professionele persone, die kliënt en gemeenskap.

Gevorderde projekverkrygingsmetodes en verkrygingsbestuur. Alternatiewe prosedures en prosesse ten opsigte van kontrakdokumentasie.

Die kwantifisering, samestelling en bestuur van dokumentasie. Verskillende kontraktipes en kontrakvorme. Konstruksiekontrakontleding.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- Professioneel kan optree en die rol van professionele praktyke in die samelewing te verstaan
- Praktykvorme te verstaan
- Kliënte te kan aanbeveel t.o.v. gebruik van die mees aanvaarbare metode van kontrakverkryging
- 'n Volledige kontrakverkrygingsproses en prosedure te kan koördineer
- Konstruksiekontrakte op gevorderde vlak te kan ontleed en interpreteer
- Die rol van professionele wette en konstitusies te verstaan

- Interprofessionele kommunikasie en instansies te kan hanteer en kan deelneem aan professionele interaksie

RBT702 - Toerisme en Ontwikkeling (8 krediete)

Inleiding tot die definisies, komponente en invloed van toerisme. Nuwe toerismevorme (volhoubare, alternatiewe, sagte, groen en ekotoerisme). Algemene toerisme-ontwikkeling en beleid. Algemene toerismebeheer-, beplannings- en ontwikkelingsbeginsels en -instrumente.

Na afhandeling van die module moet die student oor die vermoë beskik:

- om die aard, omvang en noodsaak van beheer en beplanning vir toerisme, asook toerisme in globale konteks en nuwe toerismevorme (soos ekotoerisme) te verstaan en interpreteer.
- om die invloede, risiko's en voordele van toerisme-ontwikkelingsvoorstelle te evalueer.
- om 'n bewustheid te toon vir die interpersoonlike en persoonlike behoeftes van diegene wat geassosieer word met die skep van die toerisme-omgewing ooreenkomstig investering, sosiologiese, sosiale, kulturele waardes en ander vereistes.

TRB704 - Toegepaste projekbestuur (16 krediete)

Identifisering van 'n projek. Verskillende ontplooiingsmetodes byvoorbeeld "RIBA plan of work". Die elemente van projekbestuur. Die bestuur van omvang, koste, prys, tyd, kommunikasie en kwaliteit. Kontrakverkryging en bestuur. Verslaglewering en audits.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- projekkoördinerings te kan doen vanaf inisiasie tot voltooiing
- gevorderde begrip vir die projekbestuursfunksies te toon en geïntegreerd kan toepas
- kontrakverkrygingsmetodes te verstaan en kan toepas
- al die elemente van projekbestuur te verstaan en kan interpreter en implementeer.

VVB702 - Vervoervoorsiening (8 krediete)

Blokklesse soos deur program vir M.G.E.B. (M.Prop.) bepaal. Geen eksamen, net deurlopende assessering.

Bestudeer die uitvoering van vervoerinvloedstudies. Die rol van ritopwekking en grondgebruik op verkeerspatrone. Fokus op vervoerbeleid, motorvervoer, voetgangers, openbare vervoer en verkeers-toepassing.

Na afhandeling van die module moet die student oor die vermoë beskik:

- om die aard, omvang en noodsaaklikheid van vervoervoorsiening te verstaan, interpreteer en te kan toepas
- evaluasie van die invloede, risiko's en voordele van vervoerontwikkelings- en beleidsvoorstelle.
- om die verwantskappe tussen streek, nasionale en globale vervoer-ontwikkeling en neigings te verstaan.
- om die rol van ritopwekking en grondgebruik op verkeerspatrone toe te pas.

Sillabusse

Stads- en Streekbeplanning

Die volgende modules vorm die leerprogram in STADS- EN STREEKBEPLANNING

Hoofmodules

BTR714/604/704 - Basiese Stadsbeplanningsteorie (16 krediete)

Inleiding tot die teorie en moderne teoretiese ontwikkeling van Stadsbeplanning. Die aard en doel van beplanning; waardes, behoeftes en middele. Die beplanningsproses; navorsing, alternatiewe, implementering. Verskillende beplanningstelsels (sosiaal, ekonomies, ekologies). Skaal en tyds-faktore; evaluering en keuse van prioriteite. Die verandering van teoretiese denke vanaf produk na proses na normatiewe denke. Teorie se invloed op die ontwikkeling van die stad en omgewing

Na voltooiing van die module moet studente:

- In staat wees om die rol van waardes en norme in Teorie van Beplanning te kan uitwys.
- In staat wees om die veranderinge in denke oor die wese en aard van beplanning aan te dui.
- In staat wees om te onderskei tussen verskillende neigings in Teorie van Beplanning.
- In staat wees om die interaksie tussen teorie en praktyk van Stadsbeplanning te kan bewerkstellig.
- om praktiese probleme na teorie te kan herlei en daaruit oplossings voor te stel.

GTR724 - Gevorderde Stadsbeplanningsteorie (16 krediete)

GTR793 - Gevorderde Navorsing in Stadsbeplanning (16 krediete)

Lesings en seminare soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen.

Van die studente word verwag om gevorderde teoretiese en filosofiese benaderings tot stadsbeplanning te evalueer en seminare daarvoor aan te bied.

Na suksesvolle afhandeling behoort studente:

- In staat te wees om die kennis van die belangrikste teoretiese en filosofiese strominge in stadsbeplanningsteorie te kan evalueer en toe te pas.
- In staat wees om standpunte in te neem ten opsigte van evaluering van materiaal in kursus behandel en dit te kan verdedig.

BCP712/612 - Basiese Rekenaargebruik vir beplanners (8 krediete)

Lesings en praktyk soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Praktiese en mondelinge eksamen.

Basiese tegnivaardighede (CAD) en gebruik van die rekenaar in beplanningsverband. Gekoppel aan GCP722.

BSP712/612/702 - Basiese Stadsbeplanningspraktyk (8 krediete)

Lesings en seminaarklasse soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Praktiese en mondelinge eksamen.

Grondgebruikopnames, kadastrale inligting - verwante ateljee en veldwerk. Gebruik van die rekenaar. Praktiese projekte en veldwerk (grondgebruik en sonering) verwant aan Teorie van Stadsbeplanning. Gekoppel aan GSP722

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort studente:

- In staat wees om basiese stadsbeplanningsbegrippe en tegnieke te kan verduidelik en te gebruik.
- In staat wees om stadsbeplanningsteorie toe te pas soos wat ontwikkelingsproblematiek van projek tot projek verskil.

GCP722/622 - Gevorderde Rekenaargebruik vir Beplanners (8 krediete)

Lesings en praktyk soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Praktiese en mondelinge eksamen.

Gevorderde gebruik van rekenaar (CAD) in dorpsuitlegte en dorpsstigting; hersonering, onderverdeling en konsolidasie. Gekoppel aan BCP712

GSP722/622/702 - Gevorderde Stadsbeplanningspraktyk (8 krediete)

Lesings en seminaarklasse soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Praktiese en mondelinge eksamen.

Soorte planne en die opstel van stadsbeplannings voorstelle.. Planevaluering en voorlegging van ontwikkelingsaansoeke. Gekoppel aan BSP712.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort studente:

- In staat wees om gevorderde stadsbeplanningsbegrippe en tegnieke te kan verduidelik en te gebruik.
- In staat wees om stadsbeplanningsteorie toe te pas soos wat ontwikkelingsproblematiek van projek tot projek verskil.
- In staat wees om moderne neigings in stadsbeplanning te kan toepas.

BRT714/614 - Basiese Teorie van Streekbeplanning (16 krediete)

Lesings en seminaarklasse soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen.

Wat is Streekbeplanning? Waar kom Streekbeplanning vandaan en wat is die doel van Streekbeplanning. Verskillende teoretiese benaderings ten opsigte van streekbeplanning. Tegnieke van streekbeplanning. Die stedelike/landelike verwantskap. Beleid en strategie vanaf nasionale tot streekvlak.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort studente:

- In staat wees om basiese streekbeplanning begrippe en tegnieke te kan verduidelik en te gebruik.
- In staat wees om streekbeplanningsteorie aan te pas soos wat ontwikkelingsproblematiek van streek tot streek verskil.
- In staat wees om moderne neigings in streekbeplanning te kan onderskei asook hul toepassing.

ATS724/624 - Gevorderde Teorie van Streekbeplanning (16 krediete)

Lesings en seminaarklasse soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen.

Teoretiese ontleding van ontwikkelingsparadigmas wêreldwyd wat die beplanning van streke beïnvloed. Die rol van globalisering en inligtingstegnologie op streke. Toepassing van teoretiese uitgangspunte op plaaslike of ander streke.

Na suksesvolle afhandeling van module behoort studente:

- Kreatiewe en innoverende identifikasie, assesering, formulering en oplossing van konvergente en divergente probleme wat in dag-tot-dag werk van die Streekbeplanningprofessie raakgeloop word.
- Die oordra van konsepte, idees en teorieë; om effektief te kommunikeer - beide mondelinge en geskrewe kommunikasie - met individue, gehore en die gemeenskap in die breë, deur gebruik te maak van toepaslike media; die toepassing van metodes om informasie te voorsien vir gebruik deur ander dissiplines. as 'n individu of as 'n spanlid.
- Om die verwantskappe tussen streek, nasionale en globale ontwikkeling te verstaan en te kan evalueer ten opsigte van hoe dit deur filosofie en teoretiese waardes beïnvloed word.

ISR712/702 - Inleidende Studies in Streekbeplanningspraktyk (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen.

Geskiedenis van streekbeplanning internasionaal soos toepasbaar op Suid-Afrika. Metropolitaanse beplanning as brug tussen stad en streek. Gekoppel aan TSP726.

Na suksesvolle afhandeling behoort studente:

- In staat te wees om die kennis van die belangrikste teoretiese en filosofiese strominge in stadsbeplanning teorie te kan evalueer en toe te pas.
- In staat wees om standpunte in te neem ten opsigte van evaluering van materiaal in kursus behandel en dit te kan verdedig.

TSP726 - Toegepaste Streekbeplanningsprojek (24 krediete)

TSP792 - Toegepaste Streeknavorsingsprojek (32 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen word vereis.

Toegepaste streekbeplanningsprojek met gepaardgaande verwante veldwerk word in groepsverband aangepak, verwant aan Teorie van Streekbeplanning. Professionele praktyk. Gekoppel aan ISR712.

Na suksesvolle afhandeling behoort studente:

- 'n grondige kennis te hê van die invloed, risiko en voordele van ontwikkelingsvoorstelle, insluitend analise en evaluering van alternatiewe oplossings vir probleme.
- effektief in 'n span kan saamwerk in 'n multi-disiplinêre omgewing, leierskap en bestuursvaardighede ten toon te kan stel, asook instaat wees om inisiatief te neem terwyl professionele funksies uitgevoer word wat krities is vir die sukses van enige projek
- die praktiese tegnieke wat nodig is te hê om 'n streekbeplanningsprojek te beplan en aan te pak asook instaat wees om te verduidelik hoe dit uitgevoer word.

SSS792 - Skripsie of wetenskaplike artikel (32 krediete)

SSS791 - Uitgebreide skripsie (88 krediete)

Selfstandige navorsing in diepte oor 'n beplanningsonderwerp wat die kennis soos verwerf in die hoofmodule BTR714, BCP712, BSP712, GCP722 en GSP722 of BRT714, ATS724, ISR712 en TSP726 integreer en die student 'n keuse bied tussen:

- (a) Uitvoerbare beplanningskema, OF
- (b) 'n Teoretiese studie wat op navorsing gebaseer is.

Slegs in uitsonderlike gevalle sal studente na voltooiing van hul navorsing toegelaat word om die artikel opsie uit te oefen met goedkeuring van die studieleier en die departementshoof.

Die departementele skripsie-evalueringskomitee kan besluit om 'n skripsie af te keer of te weier by inhandiging vir eksaminering tydens die laaste datum waarin die konsepskripsie ingehandig word (welke datum bepaal word deur die departementshoof).

Die artikel moet deur 'n geakkrediteerde tydskrif as wetenskaplike artikel aanvaar wees voordat die graad toegeken kan word.

BET714/614 - Beplanningsetiek (16 krediete)

Algemene filosofiese teorieë en die etiek betrokke by stads- en streekbeplanning word toegelig. Studente word daarop attent gemaak wat die implikasies vir die professie is en vir beplanning in die land indien beplanners nie 'n onkreukbare etiese kode handhaaf nie. Professionele praktyk en openbare belang. Lesings en praktika soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien module nie promoveer nie.

BGO714/614 - Omgewingsbeplanning (16 krediete)

Lesings en praktika soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien module nie promoveer nie.

Die plek van die mens en gemeenskap binne die natuur. Invloed van stads- en streekontwikkeling op die natuur. Omgewingsvraagstukke en gevallestudies, plaaslik, nasionaal, internasionaal en globaal

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- 'n grondige kennis van faktore wat omgewings beïnvloed
- In staat wees om beplanning te doen wat sensitief is teenoor die omgewing
- In staat wees om maatreëls daar te stel wat die natuurlike en kulturele omgewing beskerm en bewaar
- In staat wees om die belang van die natuurlike omgewing aan konsultante, ontwikkelaars en die publiek te verduidelik en te oortuig dat die omgewing ook in aanmerking moet kom.

BMK712/612 - Beplanningsmetodiek (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Die metodiek van bronverwysings word aan die studente bekend gestel.

Rekenaar-ondersteuning by navorsing. Gekoppel aan BNA722.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student oor 'n grondige kennis van, asook oor die praktiese tegnieke om dit toe te pas, die volgende te beskik:

- die korrekte vorm van bronverwysing is
- hoe 'n literatuurlys daar moet uitsien
- die gebruik van statistiese data te gebruik om tabelle en diagramme saam te stel.

BNA722/622 - Beplanningsnavorsing (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing.

Verskillende navorsingsbenaderings word aan die studente bekend gestel asook metodiek van navorsing waarmee stads- en streekbeplanners huidiglik besig is. Praktiese toepassing van een of meer van die navorsingstegnieke of 'n bydrae tot uitbouing daarvan. Gekoppel aan BMK712. Die aard en wese van die navorsingsprodukt.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student oor 'n grondige kennis van, asook oor die praktiese tegnieke om dit toe te pas, die volgende te beskik:

- navorsing en die identifisering van die navorsingsonderwerp
- beplanning van die navorsingsoefening, kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie
- opstel van vraelyste
- steekproefmetodes
- die vermoë om 'n navorsingsprobleem te evalueer, dit te beplan, aan te spreek en uit te voer.

EV714/614 - Toegepaste ekonomie en entrepreneurskap vir Beplanners (16 krediete)

Lesings soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien die student nie die module promoveer nie.

Inleiding tot ekonomie in algemeen, makro-ekonomie, mikro-ekonomie, ontwikkelings ekonomie en openbare ekonomiese beleid. Verskillende ekonomiese sisteme en konsepte, asook globale ekonomiese status quo, patrone en prosesse wat van belang is in stads- en streekbeplanning. Volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student oor 'n grondige kennis van, asook oor die praktiese tegnieke om dit toe te pas, die volgende te beskik:

- Om die aard, samestelling en dinamika van ekonomie te verstaan en interpreteer
- Om 'n evaluasie van die invloed, risiko's en voordele van ontwikkelingsvoorstelle te doen, gebaseer op die toepassing van ekonomiese beginsels.
- Om die verwantskappe tussen streek, nasionale en globale ontwikkeling te verstaan en te kan evalueer ten opsigte van hoe dit deur filosofiese en teoretiese waardes met 'n ekonomiese onderbou beïnvloed word.

Keuse modules (64 Krediete)

BEH704 - Behuising (16 krediete)

Besprek basiese begrippe, modelle, beleidsbenaderings, markelemente en implementerings-raamwerke. Behuisingsgeskiedenis. Wêreldtendense en die Suid-Afrikaanse behuisingse behoeftes. Tipes behuisingkemas: erf en diens, opgradering en bemagtigingsbenadering.

BEH712/752 : BEHUISING (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen vir studente wat nie promoveer word nie.

Besprek basiese begrippe, beleidsbenaderings, markelemente en implementerings-raamwerke. Wêreldtendense. Behuisingstipes se invloed op grondgebruik asook digtheid en sonering. Tipes behuisingkemas: erf en diens, opgradering en bemagtigingsbenadering.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- in staat wees om 'n behuisingsprojek-voorstel voor te berei
- in staat wees om die verwantskap van grondgebruik en sonering met die tipe behuising in verband te bring
- instaat wees om behuisingbehoefes na ruimtelike behoeftes om te skakel

BGM712/752 - Verstedeliking en Metropolitaanse Beplanning (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementele voorsitter bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondeling eksamen vir studente wat nie promoveer word nie.

Die patrone wat verstedeliking aanneem asook die voor- en nadele daarvan. Verstedeliking soos dit in Suider-Afrika plaasvind, met spesiale verwysing na toekomstige probleme en moontlike oplossings. Sosio-ekonomiese en kulturele faktore.

Wat is metropolitaanse beplanning?. Grootte, aard en funksie van die metropool.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- in staat wees om metropolitaanse projekte en strategiese beplanning te verstaan
- in staat wees om die samewerking tussen die volgende te begryp: die stedelike, fisiese omgewing en die funksies van die metropool.

BGR704 - Beplanningsbestuur (16 krediete)

Elemente van wetgewing met betrekking tot ruimtelike ordening, nasionaal, provinsiaal en plaaslik met die klem op die opstel, uitvoer en bestuur van die verskillende soorte planne en beleidsdokumente.

BGR712/752 - Beplanningsbestuur (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondeling eksamen indien nie module promoveer nie.

Elemente van wetgewing met betrekking tot ruimtelike ordening, nasionaal, provinsiaal en plaaslik met die klem op die opstel, uitvoer en bestuur van die verskillende soorte planne en beleidsdokumente.

Na suksesvolle afhandeling behoort die student:

- Grondige kennis te hê rondom die aspekte wat die vorm van stedelike gebied bepaal, die groepering van funksionele gebiede in ruimte te organiseer.
- 'n grondige kennis te hê van beleid, planne en statutêre beheermaatreëls toepaslik op grondgebruik en die bestuur daarvan ten einde volhoubaar te ontwikkel.

BVG712/752 - Beplanning vir volhoubare samelewings (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondeling eksamen indien nie module promoveer nie.

Wat beteken Volhoubaarheid van Gemeenskappe? Die strewe na volhoubaarheid se invloed op die praktyk, die teorie en ideologiese denke van mense. Volhoubaarheid wat begin by die gesin en die woning tot by gemeenskappe in 'n stedelike kompleks.

Na suksesvolle afhandeling behoort die student:

- 'n grondige kennis te hê van faktore wat volhoubaarheid beïnvloed.
- planne en beleide te kan wysig of aanpas om gemeenskappe wat in stedelike komplekse woon meer volhoubaar te maak.

CSB712/722/702/752/762 - Capita Selecta in Beplanning 1 (8 krediete)

Studente doen in eie tyd navorsing deur toesighouer bepaal. Mondeling eksamen indien kursus nie promoveer nie.

Verdere navorsing ten opsigte van enige M.S.S.-vak reeds aangebied, of aanvullende werk.

Na suksesvolle afhandeling behoort student:

- 'n grondige kennis van die spesifieke afdeling van vakgebied te openbaar.
- in staat wees om die verwerfde kennis in Stads- en Streekbeplanningspraktyk te kan toepas.

CSB614/624/704 - Capita Selecta in Beplanning (16 krediete)

Navorsing ten opsigte van enige M.S.S.-vak wat aangebied word, of aanvullende werk.

ENB712/752 - Eiendomsontwikkeling en Waardering (8 krediete)

Lesings en seminare soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien nie kursus promoveer nie. Inleiding tot eiendomsontwikkeling. Die verhouding tussen beplanning, sonering en eiendomsware, Eiendomsmark en die faktore wat dit beïnvloed asook die prys van die eiendom of die moontlikheid van 'n beplande ontwikkeling. Rol van waardering, eiendom en die ontwikkelingsmark

Na suksesvolle afhandeling behoort student:

- Eiendomsmark te verstaan en dit gebruik by hersonerings en nuwe ontwikkelings.
- Aanbevelings oor eiendomsontwikkeling te kan maak.
- Evalueer en aanbevelings oor die haalbaarheid van ontwikkelingsvoorstelle.

GBE712/752 - Geografie vir Beplanners (8 krediete)

Stedelike Geografie: fisiografiese standplaasfaktore; funksionele gebruiksbestedings; die Sentrale Sakekern; stedelike diensgebiede; problematiek van stedelike besoedeling en klimaatsfaktore. Kartering en opnametegniese van waarde vir beplanners. Gevallestudies.

GIB714 - Geografiese Inligtingstelsels vir Beplanners (16 krediete)

Lesings en praktikum klasse soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Praktiese eksamen.

Die gebruik van Geografiese Inligtingstelsel in die uitvoering van Stads- en Streekbeplannings-opdragte op alle vlakke.

GOB712/752 - Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (8 krediete)

Die beginsels van die Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning proses. Wat is die elemente van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en hoe dit is Stads- en Streekbeplanningskonteks op Nasionale, Provinsiale en Plaaslike vlak toegepas.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal studente in staat wees om:

- Geïntegreerde Ontwikkelings Planne te kan opstel, evalueer en hersien.

LGB712/752 - Beplanning vir Landelike Gebiede (8 krediete)

Wat is landelike gebiede. Ruimtelike ordening sonder verlies van karakter. Bewaring en ontwikkeling van landelike gebiede.

OEB712/752 - Ontwikkelingseconomie (8 krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien nie kursus promoveer nie.

Bestudering van die problematiek van ontwikkelende gemeenskappe en die verskillende ontwikkelingsmetodes soos wêreldwyd toegepas. Toepassing van bogenoemde in die eiesoortige Suider-Afrikaanse konteks. Gevallestudies met gemeenskapsdeelname.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- 'n grondige kennis te hê van die drie vlakke van regering t.o.v. ontwikkelingsbeplanning en beheer om die uitwerking van filosofiese en teoretiese waardes daarop te evalueer.
- in staat om konsepte, idees, teorieë effektief te kommunikeer met individue of groepe en aan gehore om inligting te verskaf wat binne ander dissiplines deur individue of groepe gebruik kan word.

OGG704 - Ontwikkelingsbeplanning (16 krediete)

Bestudering van die problematiek van ontwikkelende gemeenskappe en die verskillende ontwikkelingsmetodes soos wêreldwyd toegepas. Toepassing van bogenoemde in die eiesoortige Suider-Afrikaanse konteks. Gevallestudies met gemeenskapsdeelname.

OGG712/752 - Ontwikkelingsbeplanning (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen vir studente wat nie promoveer word nie.

Bestudering van die problematiek van ontwikkelende gemeenskappe en die verskillende ontwikkelingsmetodes soos wêreldwyd toegepas. Toepassing van bogenoemde in die eiesoortige Suider-Afrikaanse konteks. Gevallestudies met gemeenskapsdeelname.

Na suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student:

- 'n grondige kennis te hê van die drie vlakke van regering t.o.v. ontwikkelingsbeplanning en beheer om die uitwerking van filosofiese en teoretiese waardes daarop te evalueer
- in staat wese om konsepte, idees, teorieë effektief met individue te kommunikeer, met individue, gehore om inligting te verskaf wat binne ander dissiplines deur individue of groepe gebruik kan word.

PDF 712/752 - Publieke deelname en fasilitering (8 krediete)

Lesings soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien die student nie die module promoveer nie.

Geskiedenis van openbare deelname en fasilitering. Modelle, teorieë, praktyke en wetgewing van openbare deelname en fasilitering in stads- en streekbeplanning.

Na afhandeling van die module moet die student oor die vermoë beskik:

- Om die noodsaaklikheid en geskiedenis van openbare betrokkenheid en fasilitering te verstaan.
- Om die modelle, teorieë, praktyke en wetgewing rakende openbare betrokkenheid en fasilitering te verstaan en toe te pas.

PPB712/752 - Professionele Praktyk en Projekbestuur (8 krediete)

Lewering van professionele diens aangesien besigheidsreg en regulasies die professie beïnvloed. Etiek en gedragskode, kommunikasie tussen professionele persone, kliënte en die gemeenskap.

Na voltooiing van die module behoort die student:

- die basiese beginsels en vereistes om 'n professionele praktyk te bestuur te verstaan.

RBT712/752/702 - Ruimtelike beplanning vir Toerisme (8 krediete)

Lesings soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien die student nie die module promoveer nie.

Inleiding tot die definisies, komponente en invloed van toerisme. Nuwe toerismevorme (volhoubare, alternatiewe, sagte, groen en eko toerisme). Algemene toerisme-ontwikkeling en beleid. Algemene toerisme beplanningsbeginsels en –instrumente. Nasionale, streek en plaaslike toerismebeplanning op nasionale, streeks en plaaslike vlak.

Na afhandeling van die module moet die student oor die vermoë beskik:

- Om die aard, omvang en noodsaak van beplanning vir toerisme, asook toerisme in globale konteks en nuwe toerismevorme (soos ekotoerisme) te verstaan en interpreteer.
- Om die invloede, risiko's en voordele van toerisme-ontwikkelingsvoorstelle te evalueer.
- Om 'n bewustheid te toon vir die interpersoonlike en persoonlike behoeftes van diegene wat geassosieer word met die skep van die toerisme-omgewing ooreenkomstig investering, sosiologiese, sosiale, kulturele waardes en ander vereistes.
- Om die verwantskappe tussen streek, nasionale en globale toerisme-ontwikkeling te verstaan en te kan evalueer ten opsigte van hoe dit deur filosofie en teoretiese waardes beïnvloed word.

RPB712/752 - Beheer van die Ruimtelike Plan (8 krediete)

'n Sleutel element van geïntegreerde (Ruimtelike) Ontwikkelings Beplanning is die voorbereiding van 'n Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk asook 'n Grondgebruik Bestuurstelsel.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat wees om:

- ruimtelike planne op te stel en te evalueer.
- aspekte soos in ruimtelike ontwikkelingsraamwerke vervat, te implementeer en te bestuur.

SBF712/752 - Strategiese Ruimtelike Beplanning en Finansiële bestuur (8 krediete)

Die beginsels van strategiese ruimtelike beplanning. Wat is strategiese fiskale beplanning; munisipale geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning; begrotingsbeginsels en geïntegreerde finansiële bestuur-stelsels.

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om:

- geïntegreerde (Ruimtelike) Ontwikkelings Planne asook
- die finansiële bestuur daarvan te evalueer en te hersien.

SOB712/752 - Sosiologie vir Beplanners (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien module nie promoveer nie.

Inleiding tot uiteensetting van grondbegrippe in verband met Sosiologie en Beplanning. Analise van tersaaklike veranderlikes met betrekking tot die Suid-Afrikaanse samelewing. Enkele teoretiese raamwerke in die sosiologie en die toepassing daarvan by beplanning. Groepsdinamiese beginsels, sosiale navorsing en opnames van waarde vir beplanners.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- die verskeie sosiologiese perspektiewe op die samelewing te kan toepas
- die epistemologiese en ontologiese vrae te kan beantwoord
- kennis en insig te kan demonstreeer met betrekking tot die ontwerp van 'n navorsingsprojek en om die navorsingsprojek op 'n basiese vlak te kan uitvoer.

SSS204 - Behuisingstudie (vir Argitekturstudente) (16 krediete)

Lesings en seminare soos deur departementshoof bepaal. Geen eksamen word verlang nie, maar proses van deurlopende evaluering waar die saamgestelde jaarpunt ook die eksamenpunt sal wees.

Woningsbehoefte van mense en die problematiek van ontwerp. Die invloed van kultuur, digtheid en tipe woning op planontwikkeling en die samestelling van die gemeenskap. Die rol wat behuising by gemeenskapsvorming speel.

Na suksesvolle afhandeling van module behoort student in staat te wees om:

- die kennis van die belangrike teoretiese aspekte te kan evalueer en toepas.
- dit ook prakties met ontwerp van behuising te integreer.

STO712/752 - Stedelike Ontwerp (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien leerder nie promoveer nie.

Verstaan van basiese ontwerp elemente wat die stadsvorm beïnvloed. Inleiding tot stadsontwerp. Die wisselwerking tussen argitektuur en stadsbeplanning asook die aard en wese van openbare ruimtes. Drie-dimensionele denke en praktiese projekte.

Na suksesvolle voltooiing behoort die student:

- Twee dimensionele beplanningsvoorstelle se implikasie op die ruimtelike vorming van die stad te kan verstaan.
- In staat wees om die karakter van die openbare ruimtes in die stad te evalueer.
- In staat wees om 'n bydrae te kan maak om stedelike ruimte te verbeter.

TVB712/752 - Toekomskunde vir beplanning (8 krediete)

Lesings en prakties soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien nie kursus promoveer nie.

'n Teoretiese benadering van wat is die toekoms en hoe beplanners met die onbekende moet omgaan. Die kwantitatiewe en die kwalitatiewe aspekte van toekomstige ruimtelike ordening in 'n wêreld van verskillende toekoms scenario's en die toepassing daarvan op Suid-Afrika.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- 'n grondige kennis van die hoof faktore wat toekomsbeplanning beïnvloed te hê;
- in staat wees om projeksies te maak en toekoms scenario's te bou.

VVB712/752/702 - Vervoer beplanning (8 krediete)

Lesings soos deur departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Mondelinge eksamen indien die student nie die module promoveer nie.

Bestudeer vervoerinvoelstudies. Die rol van ritopwekking en grondgebruik op verkeerspatrone. Parkeervereistes. Fokus op vervoerbeleid, motorvervoer, voetgangers, openbare vervoer en verkeerstoepassing. Na afhandeling van die module moet die student oor die vermoë beskik:

- Om die aard, omvang en noodsaaklikheid van vervoervoorsiening te verstaan, interpreter en te kan toepas.
- evaluasie van die invloed, risiko's en voordele van vervoerontwikkelings- en beleidsvoorstelle.
- Om die verwantskappe tussen streek, nasionale vervoer-ontwikkeling en neigings te verset.
- Om die rol van ritopwekking en grondgebruik op verkeerspatrone toe te pas.

Sillabusse Baccalaureus in Grond- en Eiendoms-ontwikkelingsbestuur (Behuising) Honneurs en Magister

ACA712 - Alternatiewe bou benaderings

AHS 602 - Antropologie van menslike nedersetting (8 Krediete)

Studente sal in staat wees om 'n Antropologiese studie van menslike vestiging in 'n bepaalde fisiese omgewing en multi-kulturele konteks te doen, om sodoende begrip en waardering vir die verskeidenheid te bevorder.

Studente sal die vermoë verkry om:

- Die ontstaan en ontwikkeling van menslike vestiging te verduidelik.
- Die aard van inheemse vestiging in Afrika te beskryf.
- Die inheemse vestigingspatrone van Suider-Afrika te identifiseer.
- Die aard en oorsprong van verstedeliking te bespreek.
- 'n Teoretiese perspektief op verhouding tussen mens, verstedeliking en die kultuur van armoede te bemeester.
- Die problematiek van huidige vestigingstendense vanuit antropologiese perspektief te bestudeer.

BEH604 Stads- en streekbeplanningsbeginsels van behuising (16 krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementele voorsitter bepaal, val saam met departementele navorsing. Bespreek konsepte, modelle en beleidsbenaderings m.b.t. behuising. Wêreldtendense, Suid-Afrikaanse behuisingsbehoefte asook implementeringsraamwerke. Invloed van behuisingstipes op grondgebruik asook digtheid en sonering. Tipes behuisingkemas: erf en dienste, opgradering en bemagtigingsbenadering. Gevallestudies. Na suksesvolle voltooiing van die kursus behoort die student:

- in staat te wees om 'n behuisingprojekvoorstel voor te berei
- in staat te wees om die menslike nedersetting-ontwikkelingsstelsel te verduidelik
- in staat te wees om behuisingbehoefte na ruimtelike behoeftes om te skakel

BGO702 Volhoubare behuising en menslike nedersettings in droë landelike gebiede (8 Krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementshoof bepaal wat saamval met departementele navorsing. Die kenmerke en eienskappe van droë landelike gebiede. Die ontwerp van behuising om aan te pas by die omgewing. Behuisingstipes en gevallestudies, plaaslik, nasionaal, internasionaal en globaal

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

- 'n grondige kennis van faktore wat droë landelike gebiede beïnvloed
- In staat wees om behuising te ontwikkel wat sensitief is teenoor die omgewing
- In staat wees om die belang van die natuurlike omgewing aan konsultante, ontwikkelaars en die publiek te verduidelik en te oortuig dat behuising die omgewing in aanmerking moet neem.

BMK602 Metodiek en navorsing (8 krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementele voorsitter bepaal, val saam met departementele navorsing. Verskillende navorsingsbenaderings word aan die studente bekendgestel asook navorsingsmetodiek. Praktiese toepassing van een of meer van die navorsingstegnieke of 'n bydrae tot die uitbouing daarvan. Die skryf van navorsingsvoorstelle. Na suksesvolle voltooiing van die kursus behoort die student oor 'n grondige kennis te beskik van die volgende asook die vermoë om die praktiese tegnieke daarop toe te pas:

- die skryf van 'n projekvoorstel
- die navorsbaarheid van 'n onderwerp
- beplanning van die navorsingsoefening
- kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie
- opstel van vraelyste
- steekproefmetodes
- die vermoë om 'n navorsingsprobleem te evalueer, te beplan, aan te spreek en uit te voer

BMT714 Besigheidsbestuur (16 krediete)

CSB 602 Capita Selecta (8 Krediete)

Studente doen in eie tyd navorsing deur toesighouer bepaal. Mondeling eksamen indien kursus nie promoveer nie.

Verdere navorsing ten opsigte van enige behuisings-vak reeds aangebied, of aanvullende werk.

Na suksesvolle afhandeling behoort student:

- 'n grondige kennis van die spesifieke afdeling van vakgebied te openbaar.
- in staat wees om die verwerfde kennis in Behuisingspraktyk te kan toepas.

CSE712 Huiseienaaropleiding (8 krediete)

DES 604 Ontwikkelingstudies (16 Krediete)

ENB 604 Eiendomseconomie binne eiendomsontwikkeling van Behuising (16 Krediete)

ENW 602 Evaluerende en eiendomsbestuur (8 Krediete)

FHM 602 Fasilitering en behuisingsbestuur (8 Krediete)

GBE604 Stedelike geografie van Behuising binne menslike nedersettings (16 Krediete)

HAL 604 Administrasie van Behuising – wetgewing (16 Krediete)

HAS706 Navorsing oor argitektuur en Behuising (24 krediete)

HPF706 Navorsing oor behuisingsbeleid en finansiering (24 krediete)

HSB706 Navorsing oor boubestuur, konstruksie en behuising (24 krediete)

HSD706 Navorsing oor die administrasie van behuising (24 krediete)

HSE706 Navorsing oor bou-ekonomie (24krediete)

HS706 Navorsing oor menslike nedersettings (24 krediete)

HSI 604 Inleiding tot behuising en menslike nedersettings: 'n teoretiese perspektief (16 Krediete)

HSN706 Navorsing oor die finansiële bestuur van behuising (24 krediete)

HSS706 Navorsing oor dienste en behuising (24 krediete)

HSS791 Uitgebreide skripsie of publiseerbare, verbandhoudende artikel (80 krediete)

HSU706 Navorsing oor behuising in Stads- en Steekbeplanning (24 krediete)

HVH706 Navorsing oor volhoubare behuising (24 krediete)

PHC 602 Beginsels van Behuisingskonstruksie en ekonomie (8 Krediete)

RSP602 Skryf van navorsingsverslae (8 krediete)

Lesings en praktiese soos deur die departementele voorsitter bepaal, val saam met departementele navorsing. Rekenaarondersteuning mbt navorsing. Na suksesvolle voltooiing van die kursus behoort die student oor 'n grondige kennis te beskik van die volgende asook die vermoë om die praktiese tegnieke daarop toe te pas:

- die gebruik van statistiese data om tabelle en diagramme saam te stel
- die korrekte vorm van bronverwysing
- hoe 'n literatuurlys moet lyk
- die skryf van navorsingsverslae

SOB 602 Sosiologie en behuising (8 Krediete)

SSS714 Argitektuur beginsels van ontwerp en uitleg van behuigingstipes (16 krediete)

TRB 604 Projekbestuur (16 Krediete)

Projekbestuursfunksies en beginsels. Die bestuur van tyd, tydskedulering en programmering, tydskeduleertegnieke en tydskeduleringsstelsels. Die bestuur van projekpkoste, kosteverslaglewering en kostebeplanning en beheer. Ouditering van kosteresultate. Interpretasie van finansies en finansiële verslae en data. Die beplanning en organisering van omvangsbesluitneming en ontwerpnorme-bepaling. Die bestuur van ontwerp beplanning en spesifikasie. Die voorstelling van kwaliteitsnorme, kwaliteitsbestuur en hantering van kwaliteit as produk, kommunikasie en kommunikasietegnieke ten opsigte van gevorderde projekbestuur en projekadministrasie.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort die student:

- projekbestuur-teorie vanaf inspeksie tot voltooiing van die projek te ken en kan implimenteer
- die rol van verskillende funksionaries binne projekontwikkeling te ken, verstaan en kan koördineer
- die bestuursfunksies t.o.v. suksesvolle projekuitkomst te ken en verstaan
- risiko-ontleding vir 'n projekvoorstel te kan doen en wel t.o.v. omvang, tyd, prys, opbrengs, hulpbronne, relatiewe gehalte, konstruksietegnieke en verkrygingsmetodes
- as projekbestuurder te kan optree binne praktiese beperkinge.